

DIE TRANSWAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT¹

PERSPEKTIEF OP GELOOFSLEER IN BYBELKUNDE-ONDERRIG

Referent: Dr. W.D. Jonker

Departementele opknappingskursus in Bybelkunde sts. 9 en 10, 1-5 April 1968 aan die Goudstadse Onderwyskollege.

¹ Die referaat is geskandeer van 'n getikte kopie van 'n dokument wat na alle waarskynlikheid op wasvelle getik en afgerol was. Dit is waarskynlik dat 'n *groep* tiksters van die departement die tikwerk en afrol werk gedoen het. Dit blyk uit 'n hele aantal verskille in die dokument soos bv. verskil in uitleg, verskillende lettertipes, verskil in die spelling van bv. Drieëinig en elders Drie-enig, ens. Ons moes noodwendig op 'n aantal plekke redigeer.

CHRISTELIKE GELOOFSLEER

Referent: Dr. W.D. Jonker

1. GELOOF EN OPENBARING

Geloofsleer is die studie wat handel oor die *geloof* van die Christelike kerk.

Die woord geloof kan in verskillende betekenisse gebruik word, waarvan veral twee vir ons doel hier van belang is: (a) geloof as dáád van die mens wat glo, dit is: die akte van geloof (*fides qua creditur*) en (b) geloof as die inhoud van wat geglo word, die leer of dogma (*fides quae creditur*). Hierdie twee betekenisse hang met mekaar saam, maar moet tog onderskei word. In die geloofsopvattinge van die Christelike kerk, die inhoud van wat deur die kerk geglo word.

Wie egter 'n studie wil maak van die dinge wat deur die kerk geglo word, word dadelik voor die vraag gestel: Waarom glo die kerk aan hierdie dinge? Waar kom die kerk aan die dinge wat hy glo? Is dit dinge wat deur die kerk self uitgedink is? Berus dit op die resultate van 'n studie wat die kerk gemaak het oor die lewe of die wêreld? Die antwoord op hierdie vrae is nie twyfelagtig nie. Nee, sal ons moet sê, die dinge wat die kerk glo, is nie deur homself uitgedink, deur nadenke verkry of deur studie is bereik nie. Dit is dinge waarvan die kerk glo dat dit aan hom *gegee is in die openbaring van God*. Juis die feit dat dit gaan om dinge wat *geglo* word, wys daarop dat dit nie gaan om dinge wat op enige ander manier langs die gewone weë van die menslike kennis verkry is nie. Dit gaan om *geloofskennis*, om dinge wat die kerk glo, omdat hy daarvan oortuig is dat dit dinge is wat God self aangaande Homself aan die mens bekend gemaak het. Dit behoort immers tot die wese van die geloof (nou in die sin van die geloof as *akte*, die *fides qua creditur*) dat dit sekerheid is aangaande dié dinge wat ons nie kan sien, toets of bewys nie, maar waarvan ons tóg kennis het op grond van Gods openbaring. In Hebr. 11:1 word die geloof genoem die vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons sien nie. Dit is 'n onmiddellike direkte sekerheid aangaande die waarheid wat deur my ontdek is nie, maar die waarheid wat op my

2. /.....

afgekom het, waardeur ek gegryp en oorrumpel is, sodat ek my nie meer daaraan kan onttrek nie. Geloof is nooit die produk van eie insig nie, maar die *antwoord* op 'n openbaring wat van buite myself aan my gegee word, wat deur my alleen maar erken en ontvang kan word. Dit is wat bedoel word wanneer gesê word dat geloof geheel-en-al bepaal word deur sy objek, die voorwerp van die geloof, en dat dit deur dié objek na vore geroep word. Geloof is, om 'n beeld te gebruik, die weerkaatsing van die spieël wanneer die sonlig daarop val, die eggo wanneer 'n donderslag oor die berge klink. Dit word, met ander woorde, geheel-en-al bepaal deur die openbaring wat op die mens afkom en waarop hy nie anders kan reageer, as om dit te aanvaar en te bely dat hy daardeur getref is nie.

Daarom kan die inhoud van die geloof nooit bewys word nie. Dit kan nie deur redenasie geverifieer word nie. Die mens wat glo, weet seker dat hy met iets onomstootliks te doen het wat vir hom ontwrikbaar vasstaan. Hy kan daarvan getuig, maar hy kan nie bewys dat wat hy glo, die waarheid is wat ook vir ander mense sonder meer waar sal wees nie. Die geloof dra sy eie sekerheid in homself. Die geloof verstaan sy eie sekerheid as die gevolg van die openbaring wat op hom afgekom het. Die geloof is juis opgeroep deur iets wat van buite die mens gekom het. Daarom kan hy nie oor die voorwerp van sy geloof beskik, dit verklaar en uitlê nie. Al wat hy weet is dát hy glo, en hy kan nie anders as om te glo nie, omdat sy geloof maar net die refleksie is van 'n geweldige lig wat van buite om hom geskyn het, die antwoord op 'n stem wat van buite tot hom gespreek het. Die geloof verstaan homself dan ook altyd as 'n wonder, as iets wat nie logies verklaarbaar is nie. Die Bybel formuleer hierdie waarheid deur te sê dat die geloof 'n gawe van die Heilige Gees is wat in die mens gewerk word wanneer God hom met sy openbaring ontmoet.

Geloof en openbaring is dus direk op mekaar betrokke. Die geloof dank sy bestaan aan die openbaring, dit word deur die openbaring na vore geroep en is die menslike antwoord op die openbaring van God. Ons kan dit ook anders uitdruk deur te sê dat geloof en openbaring op mekaar korreleer: alleen in die geloof word die openbaring as Gods openbaring erken en aanvaar, alleen deur die openbaring is die geloof egte geloof.

Wie dus oor die geloof van die Christelike kerk wil handel, moet heel eerste verstaan dat die Christelike kerk vir sy geloofsinhoud goddelike gesag opeis, omdat hy daarvan oortuig is dat hy dit ontvang het; nie van 'n mens nie, maar deur die openbaring van God (Gal. 1: 6 - 13). Daarom is dit noodsaaklik om ook helderheid te kry oor wat ons onder “openbaring” moet verstaan.

Onder *openbaring* verstaan ons: bekendstelling. Wanneer ons oor die openbaring van God praat, gaan dit altyd om iets persoonliks. 'n Ding kan 'n mens van buite af leer ken deur dit te bekijk, te meet; te betas; te bestudeer. Van 'n persoon kan 'n mens egter alleen kennis opdoen, wanneer hy homself aan jou bekendstel, jou ontmoet en iets van homself aan jou bekendmaak. Nou geld dit van 'n menslike persoon nog dat ek ten minste iets van hom kan leer ken, ook wanneer hy weier om homself aan my bekend te stel, omdat hy tog nog in die vlak beweeg waarop ek met my menslike kennis van buite af iets van hom kan leer ken. Van God geld dit egter in die mees volstrekte sin dat ek Hom nie kan leer ken, as Hy Homself nie aan my openbaar nie. Die openbaring van God is altyd die persoonlike daad van God waardeur Hy Homself aan die mens bekendstel, en wel só, dat dit daarop afstuur om tussen Hom en die mens 'n verhouding te skep, deurdat die mens die self-mededeling van God in die geloof ontvang en beantwoord.

Die openbaring van God kan dan ook nie buite die geloof om herken word nie. Die kennis van God is geen objektiewe, intellektuele kennis wat 'n mens kan “besit” sonder dat dit aan jou 'n verskil maak, sonder dat dit jou aan God verbind nie. Om Gods openbaring te herken is terselfdertyd om dit te glo en om daardeur aangegryp te word op sodanige wyse, dat jy jouself op jou beurt weer aan God gee. Die Bybel spreek dan oor die kennis van God op dieselfde “kennis” wat tussen man en vrou in hulle huweliksomgang tot stand kom: dit is die kennis binne 'n verhouding waarin albei partye hulleself aan mekaar gee. Daarom kan oor die kennis van God gespreek word as gelykstaande met die ewige lewe self (Joh. 17:3), want om God werklik te ken, is ook om die ewige lewe deelagtig te wees. 'n Mens kan God nie maar van buite af, vryblywend leer ken nie.

Indien dit waar is, kan ons die volgende twee gevolgtrekkings maak:

- (a) Gods openbaring is altyd 'n openbaring aangaande Homself en die verhouding van die mens tot Hom. Die inhoud van Gods openbaring is dus nie allerlei wetenswaardighede nie, maar die saligmakende kennis van God, die gemeenskapstigende kennis van God.
- (b) Die geloofsinhoud waarom dit vir ons hier gaan, is gevolglik ook beperk tot die kennis aangaande God en Sy heilsdade wat in Sy openbaring aan die mens bekend gemaak word. Wanneer die kerk sy geloof bely, is dit altyd 'n saligmakende geloof, die geloof wat betrekking het op verhouding tussen God en die mens. In die geloofsinhoud van die kerk word immers die openbaringsinhoud gereflekteer.

2. OPENBARING EN HEILIGE SKRIF

Dit is nou egter van die grootste belang vir ons om te vra: Hoe kom die openbaring van God tot die mens? Wáár hoor die kerk die stem van God wat hom nie alleen leer wie God is nie, maar terselfdertyd hom ook tot God in die juiste verhouding wil plaas?

Ons kan ons by hierdie antwoord alleen deur die Heilige Skrif laat lei. Die Heilige Skrif spreek veel oor Gods openbaring aan die mens, en doen dit meestal deur te sê dat God tot die mens *gespreek* het. Ons hoor in die Bybel dat God reeds met Adam en Eva in die Paradys gespreek het, met Kain en Noag, met Abraham en die aartsvaders, met Moses en die profete. Veral in die geskrifte van die profete hoor ons herhaaldelik dat die woord van die Here tot 'n profeet gekom het met die opdrag om aan die volk te gaan verkondig wat die Here vir hulle te sê het. Die wyse waarop hierdie mense die stem van God verneem het, het feitlik van persoon tot persoon verskil. Vir die een het die woord by wyse van inspraak in sy hart gekom, by 'n ander was dit 'n hoorbare stem uit 'n brandende braambos by 'n derde was dit in 'n droom, by 'n vierde in 'n visioen – maar langs watter weg dit ookal tot hulle gekom het, hierdie mense was daarvan oortuig dat dit God is wat met hulle gepraat het, en hulle hoorders (of lesers) het telkens weer ervaar dat hulle deur die krag van hulle woord oortuig word dat dit werklik God is wat deur hulle spreek. Ons lees dan ook in die Nuwe Testament dat die profesieë van die Ou Bedeling nie deur die wil van mense voortgebring is nie, maar dat daardie profete onder die aandrywing van die Heilige Gees van God gespreek het (2 Pet. 1:21). En in Heb. 1:1 staan daar dat God baie keer en op baie maniere tot die

vaders gesprek het deur die profete. Hierby moet ons opmerk dat die Bybel ook veel klem daarop lê dat God tot die volk Israel gesprek het, nie net deur woorde nie, maar ook deur Sy daade. Die uitredding uit Egipteland, maar ook baie ander gebeurtenisse in die geskiedenis van Israel, vorm die magtige daade van God waaroor die Israelitiese digters en predikers nooit uitgepraat kon raak nie. Ook dáárin het God gesprek, want God spreek met woord en daad. Die hele Ou Testament is vol van die feit dat God Homself nie onbetuig gelaat het aan die volk Israel nie, maar met 'n steeds groter wordende helderheid Homself aan hulle bekendgestel het.

Die spreke van God in die Ou Verbond roep egter om 'n nog vollediger spreke. Nie alleen belowe die profete telkens dat daar 'n Profeet sal kom wat die volk sal leer nie, maar daar word ook voorspel dat daar 'n Spruit sal kom wat die volk 'n ware verlossing sal berei, terwyl dit in die profesieë oor die lydende Knecht van die Here hoe langer hoe meer duidelik word dat die Een wat sal kom die die volk ook van sy sonde sal bevry. In die profesieë van die Ou Testament lê daar 'n hunkering na die groot dag van bevryding, na die groot daade van God wat nog moet kom. Hierdie groot daade van God sal tegelykertyd die openbaring van God beteken op 'n manier wat tevore onbekend was. Dit blyk hoe langer hoe meer dat God se eintlike openbaring nie maar net gesproke woorde is nie, maar *dade*, heilsdade, en dat die woorde wat gesprek word, in hoofsaak daar is om dié heilsdade te verduidelik, om op te roep tot die verwagting en erkenning van dié daade en om terug te roep tot 'n lewe by dié daade wat God in die Geskiedenis verrig het.

Daarom is dit ook nie vreemd dat die Bybel ons leer dat God Homself in Sy Seun aan die mense op die volste en heerlikste wyse geopenbaar het nie. Toe die volheid van die tyd gekom het, het God weereens tot die dáád oorgegaan: Hy het Sy Seun gestuur, en in die Seun wat die afskynsel van Sy heerlikheid en die afdruksel van Sy wese is, het Hy Homself geopenbaar. Daarom word Christus in die Bybel ook die Woord van God genoem, om aan te dui dat Christus nie maar net openbarende woorde aangaande God gepreek het nie, maar dat Hyself, in Sy Persoon, in Sy bestaan, in Sy doen en late sêlf die openbaring van *God* is. Alles wat Christus is, wat Hy gesprek, gedoen en gely het, is Gods openbaring aan ons. En die openbaring in Christus is op sodanige wyse die vervulling van wat in die Ou

Verbond beloof en verwag is, dat dit duidelik is dat die openbaring wat in die Ou Verbond tot Israel gekom het, die voorafskaduwing was van dieselfde openbaring wat in Christus aan ons gegee is. Vandaar dat die Bybel ook verklaar dat dit die Gees van Christus was wat reeds in die Ou-Testamentiese profete gespreek het (1 Pet. 1:11) netsoos dit ook duidelik is dat God se daadopenbaring die Ou Verbond die voorbereiding en eerste stappe was van Sy daadopenbaring in die koms, lyding, sterwe en opstanding van Jesus Christus. Eweneens is dit duidelik dat die Bybel weet van 'n nog vollediger openbaring van Jesus Christus, nl. met Sy Wederkoms (Kol. 3:4).

Ons kan dus met veiligheid sê dat die kerk God se openbaring in Christus ontvang het, maar dat die openbaring in Christus 'n lang aanloop in die Geskiedenis gehad het vóór die koms van Christus in die wêreld (Ou Verbond), en dat dit 'n afloop in die toekoms in het, tot op die dag van die Wederkoms (Nuwe Verbond). Hierdie openbaring is Gods heilsopenbaring, Sy greep na die mens om hom te red en vir Homself te behou in heerlikheid.

Hierdie openbaring van God dra nou egter 'n historiese karakter, dit wil sê: dit het plaasgevind op bepaalde momente in die geskiedenis. As sodanig is dit onherhaalbaar. Wat egter op 'n bepaalde moment in die geskiedenis gebeur het, het nie alleen kragtens die aard daarvan betekenis vir alle tye nie (bv. die geboorte en kruisiging van Christus), maar deurdadig dit in die loop van tyd *verkondig* word, kry dit ook persoonlike betekenis vir wat daarvan hoor. Die Heilige Gees gebruik die verkondiging aangaande Gods openbaring om diegene wat die verkondiging hoor, aan te spreek en tot geloof te bring. In werklikheid openbaar hy opnuut aan hulle wat destyds reeds geopenbaar is. Ons kan sê: Hy verlig hulle verstand om wat destyds reeds aangaande God en sy heilsdade geopenbaar is, te verstaan, en Hy verlig hulle harte om dit aan te neem en daarop te bou. Openbaring kan alleen deur openbaring geken word. Wat God dus destyds geopenbaar het, word opnuut 'n werklikheid hier waar die Heilige Gees my aanspreek en my die openbaring van God laat begryp en aanneem. Hieruit blyk van watter groot belang die *verkondiging* van die openbaring is: dit word deur die Heilige Gees self opgeneem om die openbaring vir alle tye van betekenis te laat word. Daarom dat die Bybel ons ook leer dat die Heilige Gees besondere sorg bestee het aan die verkondiging van die openbaring van God. Dit het daarin

bestaan dat die Heilige Gees bepaaldelik gesorg het vir die *optekening* van die openbaring van God in die Heilige Skrif. In die Bybel het ons die skriftelike vaslegging van die momente van ontmoeting tussen God en mens, sowel as die nadere verklaring daarvan (profete, briewe van die apostels) en die besinging daarvan (digterlike geskrifte). Daarom het die Bybel vir die kerk volkome gesag.

Dit is nie maar 'n boek soos ander boeke nie, selfs nie maar net 'n besonder goeie boek nie. Dit is 'n boek van sy eie soort, omdat dit die één boek is waarin die boodskap van Gods openbaring in Christus vir ons opgeteken is. Profete en apostels het daarin die boodskap van die openbaring, wat aan hulle geskied het, vir alle tye opgeteken. Daarom is die Bybel uniek, omdat dit 'n unieke inhoud het. Dit het die openbaring van God tot inhoud en word deur die Heilige Gees gebruik om mense telkens weer met die openbaring van God in aanraking te bring. Ja, ons moet selfs verder gaan an sê dat die Bybel self die Woord van God is, omdat dit die optekening van die Woord van God is. Die Nuwe Testament praat van die “theopneustie” van die Heilige Skrifte, en bedoel daarmee dat die geskrifte van Bybel deur die Gees van God geadem is, dat hulle deur God ingegee is (2 Tim. 3:16).

Vir die kerk is daar dus net één plek waar die openbaringswoord van God gehoor kan word: in die Heilige Skrif. Daarom vorm die Heilige Skrif ook die norm en maatstaf van alles wat die kerk glo. Die kerk glo nie maar enigiets nie, maar slegs dit wat in die Heilige Skrif aan hom gegee word. Wanneer die kerk dus sy geloof formuleer – en dit is hierdie geformuleerde geloof wat ons in die geloofsleer wil bestudeer – dan doen hy dit met die pretensie dat hy daarin alleen uitspreek wat die Heilige Skrif aan hom voorhou om te glo.

Wanneer ons op hierdie wyse die eksklusiwiteit van die Heilige Skrif as die bron en maatstaf van die Christelike geloof beklemtoon, bedoel ons uit die aard van die saak nie daarmee dat daar nie ook van die openbaring van God buite die Heilige Skrif om sprake kan wees nie. Die Bybel leer ons dat daar so iets is as 'n openbaring van God in die werke van Sy hande, waarmee in die besonder bedoel word Sy werk van skepping, onderhouding en regering van alle dinge. Eweneens weet ons uit die Skrif dat daar by die gevalle mens 'n besef van reg en verkeerd is wat heenwys daarna dat God 'n sekere

openbaring van Sy wil vir ons lewe ook tot diegene laat deurdring wat niks weet van die verlossende openbaring van God in Christus Jesus nie. Vgl. maar net gedeeltes soos Rom. 1:18 e.v., Rom. 2:14, ens. Dit is begryplik dat die werke van God die spore sal dra van die Maker daarvan en dat dit onmoontlik is dat die heerlijkheid van die skepping nie die eer van die Skepper sal verkondig nie. Maar: die Bybel leer ons duidelik dat ons by die gevalle mens altyd 'n misverstand kry van daardie openbaring van God in die werke van sy hande, sodat daaruit afgodery ontstaan. Daarom glo ons dat 'n mens eers die tekens van die heerlijkheid van die Skepper in die skepping kan leer ken en reg verstaan, wanneer jou oë deur die Heilige Skrif daarvoor geopen is. Ons moet, aldus Calvyn, die openbaring in die skepping lees deur die bril van die openbaring in die Heilige Skrif. Daarom sal die kerk hom vir sy geloof ook nooit op Gods openbaring in die natuur beroep nie, maar altyd op Gods openbaring in die Heilige Skrif.

3. DIE TWAALF ARTIKELS AS HOOFSOM VAN DIE CHRISTELIKE GELOOF

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat ons ons hier besig hou met die geloofsinhoud van die geloofsinhoud van die kerk, soos dit deur die kerk geformuleer is in die lig van die openbaring van God wat in die Heilige Skrif aan die kerk gegee is.

Wat sy inhoud betref, sou ons geloofsleer kon omskryf as *die sistematiese samevatting van die boodskap van die Bybel, soos dit deur die kerk verstaan en geformuleer is*. Ons gaan dus nie op ons eie 'n studie van die Bybel maak, met die bedoeling om te ontdek wat die sentrale boodskap van die Bybel is soos dit in al die geskiedenis, profesieë, liederes, ens. van die Bybel tot uitdrukking kom nie. Ons gaan ons besig hou met hoe die Christelike kerk die boodskap van die Bybel verstaan en geformuleer het. Dit is immers die Christelike “geloof”, as ons wil: die Christelike dogma, die Christelike leer. Of die Christelike kerk die Bybel in sy geloofsformulering reg vertolk het is 'n vraag wat vir die kerk self van die grootste belang is. Die kerk sal hom in sy beoefening van selfkritiek in die lig van sy eie maatstaf, naamlik die Heilige Skrif, voortdurend met hierdie vraag moet besig hou. Wanneer ons egter in die skool ons met die geloofsleer besig hou, is dit nie ons taak om die leer van die kerk krities te gaan toets en te vra of die kerk die Bybel reg verstaan het nie. Sou ons dit tog probeer, dan sou ons ons waag op die moeilike weg van die interpretasie van die Heilige Skrif wat eintlik deur die regulasies van die Onderwys-

Departement verbied word. Ons sou trouens dan ook veel dieper moet ingaan op die teologiese vraagstukke as wat binne die raamwerk van ons leerplan moontlik is. Gelukkig is dit nie ons opdrag nie. Ons is alleen geroepe om 'n goeie beeld te probeer kry van hoe die kerk self die boodskap van die Bybel verstaan en geformuleer het.

Juis hier kom ons nou egter ook voor groot probleme te staan wat saamhang met die *verdeeldheid van die Christelike kerk*. Hierdie verdeeldheid hang in 'n groot mate saam met die feit dat die boodskap van die Bybel verskillend geïnterpreteer word deur die verskillende kerkgroepe binne die Christenheid. Die gevolg is dan ook dat daar geen unanieme antwoord gegee sal kan word op die vraag wat die Christelike kerk as 'n empiriese en historiese grootheid as die waarheid van die Skrif bely het nie. Daar is die geformuleerde dogmas van die Rooms-Katolieke Kerk, van die Oosters-Ortodokse Kerk, van die Anglikaanse Kerk en die Protestantse kerke.

Binne die Protestantse familie is daar weer 'n groot verskeidenheid, afhange van die vraag of die Lutherse of Gereformeerde tradisie gevolg is en of ons te doen het met kerkgroepe van 'n latere oorsprong wat soms allerlei elemente uit die ander tradisies meedra, saam met spesifieke elemente wat hulle besondere kenmerke is (die laagkerklike groepe van Engelse agtergrond, die Pinkstergroepe, die kleiner splintergroepe). Van watter “kerk” gaan ons dus hier die dogma bestudeer?

Die probleem waarvoor ons hier te staan kom, dwing ons tot 'n keuse. Dit spreek vanself dat dit nie doenlik is om die dogmas van *alle* kerke wat kerke wat hulleself Christelike noem te bestudeer nie. Dit spreek aan die ander kant ook vanself dat ons in die openbare skool nie net die dogmas van *één* spesifieke kerk kan gaan bestudeer nie, omdat ons dan allerlei moeilike probleme kan opwerk vir die onderwyser én die kind. Daarom sal ons hier alleen veilig gaan, as ons daarmee volstaan om 'n studie te maak van die *hoofsom* van die Christelike leer soos dit, ten spyte van groot verskille, deur die vernaamste Christelike kerke aanvaar en bely word. Gelukkig is ons hier in die posisie dat ons in die *Twaalf Artikels* of die *Apostoliese Geloofsbelydenis* 'n kompakte formulering het van die groot waarhede van die Christelike geloof soos dit in verreweg die meeste kerke erkenning geniet – al is dit dan met verskil van mening oor wat bepaalde formuleringe in die Twaalf Artikels self beteken.

Ten spyte van al die verdeeldheid in die Christelike kerk is daar tog bepaalde belydenispunte waaroor daar 'n verregaande ooreenstemming bestaan. Daar is dan ook van oudsher onderskei tussen fundamentele én minder fundamentele waarhede in die Christelike belydenis. Die ondervinding bewys dat talle verskille tussen Christelike kerke op die terrein van die minder fundamentele belydenispunte lê. Wanneer ons dus in 'n kursus oor geloofsleer op die fundamentele punte van die belydenis van die kerk konsentreer, kan ons daarvan oortuig wees dat ons reeds baie probleme uitgeskakel het. Ten minste wat die Protestantse kerkgroepe betref, kan ons dan reeds daarop reken dat ons 'n groot mate van gemeenskaplike terrein sal dek. Die probleem is nou egter nie alleen dat die grense tussen wat fundamenteel en wat minder fundamenteel is; nie so lig uitgemaak kan word nie, maar ook dat daar in die Christenheid juis verdeeldheid bestaan oor fundamentele geloofskwessies. So is die verdeling tussen die Rooms-Katolieke en Oosters-Ortodokse Kerke aan die een kant, en die Protestantse kerke aan die ander kant geen verdeling op ondergeskikte punte nie, maar 'n verdeling wat die kern van die geloofsbelydenis raak, naamlik die vraag hoe 'n mens voor God geregverdig kan word. Hier staan ons inderdaad voor 'n onoorbruggelike probleem. Kinders uit Katolieke huise en kinders uit Protestantse huise sal nie in één klas saam onderrig oor geloofsleer kan ontvang nie. Dit is wel waar dat die Rooms-Katolieke Kerk die Twaalf Artikels as geloofsbelydenis aanvaar, en dat die Oosters-Ortodokse Kerk se verwerping daarvan eintlik maar meer 'n formele kwessie as iets ander is, maar die interpretasie wat aan die verskillende artikels gegee word, is vanuit die sentrum van die geloofsopvatting van hierdie twee kerke só verskillend van die interpretasie wat die Protestantse kerke daaraan gee, dat die verskille hier as onoorbrugbaar beskou moet word en die godsdiensonderrig van dié twee groepe dus liefers apart gegee moet word. Dit geld ook van die bestudering van geloofsleer.

Indien ons hier mag uitgaan van die standpunt dat die meeste kinders in die Afrikaanse skole vanuit Protestantse agtergrond sal kom, open dit vir ons die weg om met die behandeling van die Twaalf Artikels 'n dwarsdeursnit deur die Christelike geloofsinhoud te gee wat vir haas alle groepe bevredigend behoort te wees. Immers, die Twaalf Artikels, wat die oudste Christelike geloofsbelydenis is, kan daarop aanspraak maak dat dit deur haas alle Christelike kerke erken word en dat dit 'n besondere ereplek beklee in die kerke van

Gereformeerde belydenis waartoe die grootste gros van ons skoolkinders behoort.

'n Vraag wat hierby vir ons van die grootste belang is, is *of die Twaalf Artikels werklik kan kwalifiseer as 'n goeie samevatting of hoofsaaklik van die Christelike geloof*, afgesien van die vraag deur hoeveel kerke dit aanvaar word. Op hierdie vraag moet die antwoord ongetwyfeld bevestigend lui. In die dogmatiek (studie van die kerklike geloofsopvattinge) word gewoonlik die volgende leerstukke behandel:

- (1) God, Sy raad, Sy voorsienigheid.
- (2) Die Skepping.
- (3) Die Oorsprong, wese en bestemming van die mens.
- (4) Die sonde, sy wese, verbreiding en gevolge.
- (5) Die Verbond van genade.
- (6) Die Persoon en werk van Christus.
- (7) Die Heilsorde.
- (8) Die Genademiddele (Woord en sakramente).
- (9) Die Kerk.
- (10) Die Voleinding (wederkoms oordeel, ewige lewe).

Kyk ons nou na die Twaalf Artikels, dan is dit duidelik dat dit die meeste van hierdie sake op 'n beknopte wyse ter sprake bring, maar dan juis só, dat die essensie van die saak waarom dit gaan, telkens na vore gebring word. Dit is wel waar dat daar nie met soveel woorde sprake is van die raad van God, die mens, die verbond, die heilsorde en die genademiddele nie. Maar wat die leer aangaande die mens betref, dit word deurgaans veronderstel en vorm eintlik die ongenoemde agtergrond van alles wat hier bely word. Eweneens is dit duidelik dat die leer van die verbond implisiet gegee is in die belydenis van die Middelaarskap van Christus. Die leer aangaande die heilsorde is weer implisiet gegee in die belydenis van die vergewing van die sonde en die ewige lewe. Eintlik is ál wat volledig ontbreek die leer aangaande die Raad van God (uitverkiesing) en die leer aangaande die genademiddele, veral die sakramente. Dit is beslis jammer dat dit ontbreek, maar op die tydstip toe hierdie belydenis sy huidige vorm gekry het, was dié dinge in die kerk nie strydpunte wat om 'n spesifieke belydenis geroep het nie. In later tye het weer juis die onderwerpe van groot verdeeldheid in die Christenheid geword. Waar die dosering van geloofsleer op skool moet geskied aan kinders uit verskillende godsdienstige agtergrond, en dit dikwels blyk dat daar juis ten opsigte van hierdie

twee sake groot verskille bestaan, is dit miskien goed dat hulle nie in die Twaalf Artikels pertinent genoem word nie, sodat hierdie moeilike sake nie eksplisiet aan die orde gestel hoef te word nie. Dit sal voldoende wees om heel in die algemeen onder die leer aangaande God en die leer aangaande die kerk na hierdie twee dele van die Christelike geloofsinhoud te verwys.

Daar is egter ook nog 'n opsig waarin die Twaalf Artikels werklik hoofsaaklik van die Christelike geloof kan heet, en dit is die feit *dat daarin op drie verskillende maniere juis die wesenlike van die Christelike geloofsbelydenis raakgevat is*. Ons stip net kortliks aan:

- (i) Die eerste wat hier opval, is dat die Twaalf Artikels *alle aandag op God en Sy heilswaardige werke vestig*. Wat word hier bely?

God word bely en Sy heilswaardige werke. Dit is al. Die mens kom in die Twaalf Artikels nie uitdruklik ter sprake nie en van sy eie moontlikhede word geen melding gemaak nie. Dit wil nie sê dat die mens nie deurentyd betrokke is by wat daar aangaande God bely word nie. Nee, die mens en sy nood staan oral op die agtergrond by die Twaalf Artikels. Trouens, God het in Sy genade gewil dat die mens aan Hom verbind moet wees. God het die mens gekies. Daarom kan ons niks aangaande God en Sy heilswaardige werke bely wat nie ook direk betekenis vir die mens het nie. Maar vir enige belydenis van geloof in die mens of sy moontlikhede is daar in die Christelike geloof geen plek nie. Die mens is alleen deur die geloof betrokke by wat hier bely word: hy kan alleen gelowig en dankbaar aanvaar wat God is en wat God vir hom gedoen het. Wanneer die Heidelbergse Kategismus op die vraag wat vir 'n Christen nodig is om te glo, eenvoudig met die Twaalf Artikels antwoord (Sondagsafdeling 7), dan is dit seker nie omdat die Twaalf Artikels beskou word as 'n volledige samevatting van alles wat in die Bybel aan ons geleer word nie, maar omdat die Twaalf Artikels die essensie bely van waarom dit in die boodskap van die Bybel gaan: dat alles uit God, deur God, en tot God is; dat God die heil van die mens bewerk het en dat die Christen se geloof hom rig op wat God is en wat God gedoen het.

Hierin het die Twaalf Artikels werklik die hoofsaak van die hele Heilige Skrif saamgevat. Die fout wat dikwels gemaak word, is dat die Bybel benader word as 'n handboek vir geskiedenis, as 'n wettebundel of as 'n orakelboek waaruit ek voorskrifte kan ontvang oor hoe ek my by elke geleentheid in my lewe behoort te gedra. Nou is dit wel waar dat die Bybel geskiedenis, wette en voorskrifte bevat, maar in dit alles het die Bybel tog 'n bepaalde doel voor oë: om ons te laat sien wie God is. Dit loop soos 'n goue draad deur al 66 boeke van die Bybel. God is die handelende God. God werk in die geskiedenis. En Sy werke is werke van heil vir die mense. Dit word ook in die Twaalf Artikels onomwonde bely. Die hele Christelike geloof kan kortweg saamgevat word deur te sê dat ons glo in God. Dit is ook wat die Twaalf Artikels ons wil leer.

- (ii) Die tweede wat daarby moet kom, is die feit dat die *Twaalf Artikels trinitaries opgestel is*. Dit beteken dat hierdie artikels dit meteens duidelik maak dat die God wat hier bely word, die Drieënige God is van Wie die Bybel ons leer. Baie mense spreek oor God as 'n krag, as 'n eerste beginsel, as die grond van alle bestaan ens., terwyl andere weer meen dat daar geen verskil bestaan tussen die "God" van die wysbegeerte en die ander godsdienste én die God wat in die Heilige Skrif verkondig word nie. Die Twaalf Artikels laat daar egter geen twyfel oor, dat die wesenlike wat van die God van die Bybel bely word, is dat Hy die Drieënige God is nie. Dit is die spesifieke van die Christelike belydenis aangaande God. Ook dáárin gee die Twaalf Artikels ons weer eens die wese van die Christelike Godsgeloof. Juis daarin verskil die Christelike belydenis aangaande God van die opvattinge van wysgere of ander godsdienste.

Op die bewyse vir die Christelike leer aangaande die Drieënigheid van God soos dit in die Bybel gevind kan word, gaan ons hier nie verder in nie. Ons merk slegs op dat dit met die Bybel in die hand onmoontlik vir die kerk was om nie tot die belydenis van die Drieënigheid van God te kom nie. Dit is immers onmoontlik om die gegewens wat die Nuwe Testament oor Christus bied anders te interpreteer as dat Christus werklik aan God gelyk gestel word en as die Seun van God bely word (sien later). Dieselfde geld ook van die Heilige Gees. Reeds hierdie feit

het die kerk daartoe gedwing om aan homself rekenskap te gee van die feit dat hy enersyds die éénheid en éinigheid van God bely – iets wat in albei die Testamente van die Bybel uit gesproke geleer word – maar aan die ander kant tog ook weer die Godegelykheid van Christus en die Heilige Gees mét die Vader moet bely, omdat die Nuwe Testament dit duidelik leer. Die kerk moet dus tot die leer kom dat God slegs één is, maar dat dié één God op drie verskillende wyses bestaan, nl. as Vader as Seun en as Heilige Gees. Die kerk bely dat God één wese is, maar dat die één Wese in drie Persone bestaan. Met hierdie belydenis kom die kerk nie in stryd met die Ou Testament nie, omdat dit duidelik is dat die éinigheid van God wat in die Ou Testament verkondig word, nie uitsluit dat die één God in Homself op meerdere wyses bestaan nie. Trouens, juis vanuit die leer van die Drieëinigheid van God word ook die Ou Testament verstaanbaarder, want dan blyk dit dat meer reg kan geskied aan die beeld wat ook die Ou Testament van God teken, naamlik dat Hy die *lewende* God is wat uit Homself kan uittree sonder om op te hou om Homself te wees. Die Joodse en Islamse opvattinge van die eenheid van God is 'n starre eenheid wat geen ruimte laat vir beweging in God Self, of vir 'n wesenlike kontak tussen Hom en die wêreld nie.

Die leer van die Drieëinigheid van God het dan ook vir die Christelike geloof geweldige implikasies. Dit is bv. die wortel van die Christelike opvatting van openbaring. Die feit dat God in Homself lewe en beweging is en die Vader Homself van ewigheid aan die Seun meedeel en in die Seun uitstort, sodat die Seun die volkome wesensopenbaring van die Vader is, beteken dat die openbaring in Jesus Christus aan die wêreld ook werklik Gods wesensopenbaring is. Dit gaan nie maar net om 'n woord van God wat tot ons gespreek word nie: dit gaan om God Self wat tot ons gekom het in Christus. Wie Christus gesien het, het die Vader gesien (Joh. 14:9). Gods openbaring in Christus is dus geen blote kennismededeling nie, maar die openbaring van God in 'n Persoon in wie die ganse volheid van God liggaamlik woon. Eweneens is dit duidelik dat die openbaring van God nie maar bestaan in 'n kennismededeling waarop die mens in eie krag moet reageer nie, maar dat God in Sy openbaring ook handelend optree en Homself openbaar as die God wat die heil van die mens

berei en die mens werklik uit sy nood réd. Daarom is Gods openbaring as die Drieënige God ten nouste verbind daarmee dat dit heilsopenbaring is in die volle sin van die woord. God het self die heil vir die mens kom berei. Dit is evangelie in die volste sin van die woord. Daarby kom nog die feit dat die belydenis van die Heilige Gees as ware God ook inhou dat ook die kennis wat die mens van Gods openbaring ontvang, nie maar 'n kennis is uit sy eie menslike moontlikhede nie, maar 'n kennis wat deur God self bewerk en gegee word. God kan alleen deur God self geken word. God kan alleen deur God self gevind word. So is die leer van die Drieëenheid van God enersyds die basis vir die geloof in die volkome betroubaarheid van die kennis aangaande God wat in die openbaring erken word, andersyds is dit die basis vir die geloof dat alles uit en deur en tot God is, dat Gods openbaring in Christus 'n genade-openbaring is en dat ons ganse verlossing enkel genade is.

Weer eens: dit is die hoofsaak en kern van die Christelike geloof. Ook daarom kan die Apostoliese Geloofsbelijdenis 'n goeie hoofsaak van die Christelike geloof heet.

- (iii) Ook 'n derde punt moet hierby genoem word. 'n Beskouing van die Twaalf Artikels kan ons leer dat die helfte van die aantal Twaalf artikels gewy word aan *die belydenis van Jesus Christus as die Here*. Dit is nie ons bedoeling om die sin van dié belydenis hier verder na te gaan nie – dit kom later by die behandeling van die betrokke artikels. Hier moet egter opgemerk word dat ook daarin die Twaalf Artikels homself bewys as 'n goeie hoofsaak van die Christelike geloof. Immers, aan die belydenis van Christus is vir die kerk alles geleë. Die oudste Christelike belydenisse is almal gekenmerk deur 'n geweldige beknoptheid en konsentrasie. Alleen die saak waarby alles staan en val, is in die belydenis opgeneem. Nou weet ons dat een van die oudste Christelike belydenisuitsprake eenvoudig was: Jesus is die Here! In so 'n uitspraak aangaande Jesus Christus is die ganse Christelike geloof nog eens gedronge saamgevat. Daarmee staan en val alles, want Jesus is die openbaring van God. Buite Hom weet ons eintlik niks van God af nie. In Hom het die genade en die waarheid verskyn. Wie

Jesus nie as die Here bely nie, staan daarmee buitekant die Christelike geloof. Daarom vorm die belydenis aangaande Christus nie alleen die hart van die Twaalf Artikels nie, maar van die Christelike belydenis as sodanig. Dit is moontlik dat ook ander godsdienste belydenis kan doen van 'n geloof in God en dat hulle miskien Hom ook nog Vader kan noem (al sal hulle daarmee iets anders bedoel as die Christen), maar dit is alleen die Christelike Kerk wat kan bely dat hy in Jesus Christus glo in die volle sin van wat dit beteken. Ook om hierdie rede dus ag ons die Twaalf Artikels uitnemend geskik om as hoofsaak van die Christelike geloof beskou te word.

4. DIE ONTSTAAN EN INDELING VAN DIE TWAALF ARTIKELS

Die Twaalf Artikels staan bekend as die *Apostoliese Geloofsbelydenis*. Hierdie benaming gaan terug op die legendariese opvatting dat die Twaalf Artikels deur die twaalf apostels self opgestel sou gewees het op 'n Apostelkonsilie (sinode) waarby elke apostel dan één artikel sou geformuleer het (Petrus bv. die eerste artikel, Thomas die vyfde ens.) Hierdie opvatting, wat ons reeds teëkom by 'n skrywer soos Rufinus (ongeveer 400 n.C.), is eeu-lank deur die kerk aanvaar. Eers sedert die vyftiende eeu word dit in die Westerse Kerk betwyfel en bestry, hoewel die Oosterse Kerk dit nooit aanvaar het as die waarheid nie. Vandag glo niemand meer hierdie verhaal oor die oorsprong van die Apostolicum nie. In weerwil daarvan word die benaming tog nog gehandhaaf, omdat die Twaalf Artikels so klaarblyklik tog die essensie van die prediking van die apostels tot uitdrukking bring.

Die vraag hoe die Apostoliese Geloofsbelydenis dan werklik ontstaan het, is nie met sekerheid te beantwoord nie. Die waarskynlikste is dat dit gegroei het uit die behoefte by die kerk om die inhoud van sy geloof puntig en bondig saam te vat. Hierdie behoefte het ontstaan vanuit die feit dat daar 'n beknopte samevatting moes wees van die Christelike geloofsinhoud om in eredienste of samekomste te gebruik, vanuit die behoefte aan 'n belydenis wat by die doop uitgespreek kon word deur die dopeling, vanuit die behoefte om kort en saaklik die geloof te bely teenoor bestryders van die Christelike geloof of teenoor die vervolgers wat van die Christene 'n verdediging van hulle geloof geëis het. Dit is in elk geval dat die Jodendom in die tyd van die Nuwe Testament die woorde van Deut. 6:4 (Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here) as 'n soort beknopte

belydenis gebruik het in hulle sinagogale byeenkomste en tydens die tempelliturgie. Die Christelike gemeente kon dié belydenis saam uitspreek, maar het al spoedig die behoefte gevoel om daaraan iets toe te voeg wat uitdrukking kon gee aan die vervulling van die Ou-Testamentiese beloftes in Jesus Christus. Op verskillende plekke in die Nuwe Testament vind ons formule-agtige uitsprake wat die indruk maak dat hulle sulke belydenisse was. Soms hoor ons uitsprake waarin slegs aangaande Christus as die Seun van God belydenis gedoen word (Hand. 8:37), waarby die veronderstelling natuurlik is dat ook die belydenis aangaande God daarin opgesluit is of daaraan voorafgaan. Die uitroep dat Jesus die Here is, is waarskynlik een van die oudste Christelike belydenisse (Vgl. Fill. 2:11 en 1 Kor. 12:3). Daarnaas vind ons in die Nuwe Testament ook belydenisse waarin die Vader en die Seun saam bely word (1 Kor. 8:6, 1 Tim. 2:5 e.v., 2 Tim. 4:1). Op meerdere plekke vind ons belydenisagtige opsommings van die werk van Christus waarin die betekenis van Christus vir ons heil kernagtig saamgevat word (1 Kor. 15:3 e.v., Rom. 1:3-4, Fil. 2:5-11, 1 Tim. 3:16 ens.) In aansluiting by plekke soos Matt. 28:19 en 2 Kor. 13:13 waar ons trinitariese formules het, groei die belydenis waarskynlik hoe langer hoe meer uit in die rigting van 'n belydenis waarin aldrie die Goddelike Persone vermeld word.

Vanuit die Trinitariese doopformule en die Trinitariese geloofsformules kon daar gemaklik allerlei wisselvorme van Christelike belydenis-formulerings ontstaan. So ontstaan daar bv. in Sirië 'n geloofsbelydenis met sewe artikels. In die Griekssprekende Midde-Ooste het daar vir geruime tyd geen vaste formulerings voorgekom nie, maar 'n belydenis met vyf artikels is tog reeds bekend in Klein-Asië ongeveer die jaar 150 n.C. Ook weet ons van 'n Egiptiese doopsbelydenis uit die helfte van die vierde eeu wat in dieselfde rigting beweeg. Ons huidige Apostolicum gaan egter terug op die sg. *Symbolum Romanum*, die belydenis van Rome, wat waarskynlik voor die jaar 150 n.C. reeds in Rome erken en gebruik is. Die *Symbolum Romanum* was nog nie so lank as die huidige Apostolicum nie, maar het ongeveer soos volg gelui:

Ek glo aan God die Vader, die Almagtige
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, onse Here, wat gebore
is uit die Heilige Gees en die maagd Maria;
wat gekruisig is onder Pontius Pilatus en begrawe is, op die derde
dag weer opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel,
sit aan die regterhand van die Vader, vanwaar Hy sal kom om te
oordeel die lewende en die dode;
en in die Heilige Gees, die heilige kerk, die vergewing van sonde
en die opstanding van vlees

Die toevoeginge tot die bogenoemde belydenis wat dit uiteindelik gelyk gemaak het aan ons huidige Apostolicum het geleidelik plaasgevind in die loop van die volgende eeue. In sy volledige vorm tref ons die Apostoliese Geloofsbelydenis in die vyfde eeu reeds in Suid-Frankryk en Spanje aan. In die sesde eeu word dit ook in Rome in die langer en vollediger vorm ingevoer en sedert die tiende eeu is dit in die hele Westerse Kerk die enigste erkende vorm, hoewel kleiner afwyking hier en daar nog voorkom.

Oor die *indeling* van die Twaalf Artikels kan ons baie kort handel. Die oudste vorm van indeling erken twaalf verskillende artikels. In Lutherse kringe word gewoonlik net gepraat van *drie* artikels wat dan gesien word as die drie artikels wat handel oor die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Alles wat dan gesê word oor die kerk, die vergewing van sondes ens., word gereken tot die derde artikel oor die Heilige Gees. Calvyn het, op voetspoor van wat meermale gedurende die Middeleeue gedoen is, die Twaalf Artikels in *vier* hoofartikels verdeel, waarby die vierde artikel dan gevorm word deur die belydenis aangaande die kerk en wat verder daarop volg. In al hierdie maniere van indeling sit daar 'n element van die waarheid. Ons hou ons in ons uiteensetting aan die indeling in twaalf artikels maar vergeet daarby nie die Trinitariese opset van die geheel nie, sodat ons tog ook gedeeltelik moet aansluit by die indeling in drie artikels. Oor die algemeen is die indeling nie 'n gewigtige punt nie.

5. ’N STUDIE VAN ELK VAN DIE TWAALF ARTIKELS

Wanneer ons tans kom tot 'n behandeling van elk van die twaalf artikels, wil ons daarop wys dat ons dit hier alleen op die mees beknopte manier kan doen. Ons verwys aan die einde na enkele handboeke waarin die onderwyser meer besonderhede kan verkry. Ons doel

hier is slegs om die aandag te vestig op die vernaamste punte wat aangesny behoort te word.

ARTIKEL I

EK GLO IN GOD DIE VADER, DIE ALMAGTIGE, DIE SKEPPER VAN DIE HEMEL EN DE AARDE

1. Die belydenis: *Ek glo in God die Vader* moet verstaan word in die raamwerk van die belydenis van die Drieëenheid van God wat hierdie hele belydenisskrif beheers. Die ware God, die God wat Homself aan ons geopenbaar het in Christus, is die Drieëenige. Die Drieëenigheid van God is nie in stryd met die éénheid van God nie, al meen die Jood, die Mohammedaan, Unitariër en 'n groep soos die Jehovasgetuies ook so. Wie die leer van die Drieëenheid in stryd ag met die belydenis van Gods eenheid, dink oor die eenheid van God op 'n abstrakte manier. Die Bybel praat oor die eenheid van God op sodanige manier, dat God as die Lewende God erken en bely word, dié God wat in Sy eenheid tog in Homself meervuldigheid het, op meer as één wyse bestaan, Homself in meer as één Persoon uitlewe. Dit is geen logiese belydenis nie (wat het ons logika trouens ten opsigte van God te make?), maar 'n belydenis van God soos Hy Homself geopenbaar het in sy optrede in die geskiedenis van sy heilshandeling met Sy volk: as Vader, as Seun, as Heilige Gees. By hierdie belydenis kan die Christen nie verbykom nie. Dit is vir hom 'n grondliggende belydenis waarin die feit van die openbaring van God gefundeer is ('n starre, abstrakte God kan nie uit Homself uittree en so Homself werklik openbaar nie) en die feit van die verlossing van die mens deur God sélf sy diepte vind.
2. Teen die agtergrond van bostaande is dit duidelik dat die belydenis aangaande die Vaderskap van God dus in eerste instansie slaan op die feit *dat God die Vader van Jesus Christus is*. Dit gaan in hierdie uitspraak dus nie om 'n algemene idee dat God *soos* 'n vader sou wees, waarby God dus met 'n Vader *vergelyk* word nie. In dié geval sou die belydenis van die Vaderskap van God beteken dat ons vanuit ons idee van wat 'n vader is, aan God 'n ooreenkoms met 'n vader toeskrywe. Nou ken die Bybel self ook die vergelyking tussen God en 'n vader (Ps. 103:13) of tussen God en

'n moeder (Jes. 66:13), maar in hierdie belydenis gaan dit nie dáárom nie. Dit gaan hier om die belydenis dat God na Sy wese Vader is, van ewigheid af, die Vader van die Seun wat Hy van ewigheid af genereer. Die Vader stort Sy wese in die Seun uit in ewige goddelike liefde en die Vader en die Seun is daarom volkome eenswesens. Die belydenis van die Vaderskap van God en die Seunskap van Jesus Christus beteken dan ook enersyds die volmaakte eenheid en gelykwaardigheid van die Vader en die Seun, kragtens die generasie van die Seun deur die Vader maar dit beteken tog ook andersyds dat daar in die Goddelike Drieëenheid 'n bepaalde *orde* is: Die Vader is die Vader van die Seun en die Uitsender van die Heilige Gees. Die Vader is nie die Seun of die Heilige Gees nie. Hoewel Vader Seun, en Heilige Gees dieselfde Wese is, is daar in dié één wese tog 'n onderskeid tussen die drie bestaanswyses of persone in God. Elkeen van die Drie Goddelike Persone het iets wat aan Hom eie is en waarin Hy onderskei kan word van die ander Twee Persone in die één Wese. Die Vaderskap van God beteken dan heel in die besonder dat God die Vader die *fons et origo totius divinitatis* is (die fontein of oorsprong van die ganse Godheid), aangesien van Hom die Seun en die Heilige Gees uitgaan, terwyl sowel die Seun as die Heilige Gees volkome gelykwesens met die vader is.

3. Uit die feit dat God dus die *Vader* genoem word, mag nie in die algemeen afleidinge gemaak word oor hoe die wese van God dus sou wees, asof ons vanuit ons opvatting van wat 'n vader is of behoort te wees, kan kom tot gevolgtrekkings oor hoe goed, hoe liefdevol, hoe vergewensgesind ens. God sou wees nie. Dit was die fout van die sg. Verligting (*Aufklärung*) wat die Vadernaam as 'n simbool opgeneem het waaruit dan gevolgtrekkings gemaak kon word met betrekking tot die eienskappe of deugde van God. Dit het hulle daartoe gebring om van God 'n goedige vadertjie te maak; of liever: goedige grootvadertjie, wat maar alle kwaad deur die vingers sien en niemand leed sal aandoen nie. Van hierdie manier van dink oor God moet ons ten enemale volkome wegbreek. Die belydenis van God die Vader sê as sodanig nog niks oor wesenseienskappe van God nie.

Wel is dit 'n belydenis wat binne die kader van die belydenis van die Drieëenigheid die klem lê op die absolute soewereiniteit van God, maar met enige belydenis van 'n soort "vaderlikheid" van God teenoor alle mense het dit niks te make nie. Die duidelikste bewys hiervan die feit dat diegene wat in daardie rigting, beweeg met hulle gedagtes, altyd op een of ander manier in eensydighede moet verval met betrekking tot dié eienskap van God. So kon die Vaderskap van God bv. vanuit hierdie gedagteklimaat nie maklik gerym word met Sy toorn en straf nie (Ritschl). In die Bybel is dit egter duidelik dat die Vaderskap van God nie alleen te doen het met Sy goedheid en liefde nie, maar met Sy ganse goddelikheid dus ook met sy heiligheid (vgl. "Heilige Vader" in Joh. 17:11). Dit is volkome in ooreenstemming met die Vaderskap van God dat Hy te rein van oë is om die kwaad aan te sien, dat Hy daarom straf op die sonde geëis het dat Hy Sy eie Seun in die bittere en smadelike dood van die kruis laat ingaan het ens. Ons moet dus uitgaan van die standpunt dat die Vaderskap van God te doen het met die absolute soewereiniteit van God, met die feit dat God die Here is, die Koning, die Bron en Oorsprong van alles, wat reg het om heerskappy te voer oor alles. Geen wonder dat die Vaderskap van God in die Twaalf Artikels dan ook direk in verband gebring word met die almag van God en die skepping deur God nie.

Wanneer die Bybel God *vergelyk* met 'n Vader, kom daar ruimte om die Vaderskap van God in verband te bring met Sy sorg, Sy bewaring, Sy vriendelikheid. Wanneer die belydenis egter hier spreek oor God die Vader, dan gaan dit nie daaroor nie. Natuurlik is daar 'n verbindingslyn: God in Sy heerskappy as die Almagtige die Vader van Jesus Christus, regeer natuurlik oor ons *soos 'n vader*. Dit is egter goed dat ons hierdie twee gedagte komplekse duidelik moet onderskei. Immers, wanneer dit gaan oor die vaderlikheid van God (Sy handele met ons "soos 'n vader"), dan gaan dit nie net om die optrede van die Drieënige God nie. Die Drieënige God is immers die liefde. En uit die ewige liefde vloei die sorg en bewaring van God voort waarvan ons so heerlik kan sing.

4. As Vader heet God *die Almagtige*.

Dit wil nie sê dat die Seun en die Heilige Gees nie ook almagtig is nie, maar dit is omdat die Seun en die Heilige Gees met die Vader deel in die één Goddelike wese.

Die almag van God hoort egter meer spesifiek tot Sy bestaanswyse as Vader. Die almag van God is geen potestas absoluta, dit is die vermoë om enigiets te doen nie. Dit beteken dat God kan doen wat Hy volgens Sy heilige wil en liefde wil doen. Ons behoort dan ook nie buite die Heilige Skrif om oor die almag van God te praat, asof ons uit onself sou weet waarin die almag van God bestaan nie. Volgens die Heilige Skrif kom Gods almag uit in Sy skepping en onderhouding van alle dinge (daaroor later meer), maar veral ook in Sy uitvoering van Sy heilsplan en die oorwinning oor die sonde en die dood. Daarom sien ons Gods almag ewe goed tot openbaring kom in die swakheid van die kruis van Christus as in die oopbreek van die graf en die wederkoms om te oordeel, die opstanding van die vlees ens. Gods almag is die almag van Sy liefde.

5. As Vader heet God *die Skepper van die hemel en die aarde*.

Met die belydenis van God as die Skepper is daar 'n geweldige waarheid uitgespreek wat die diepste konsekwensies vir ons geloof het.

Ons sal enkele daarvan moet aanstip:

- (i) In die belydenis van God as die Skepper van die hemel en die aarde het ons in eerste instansie 'n belydenis aangaande die *verhewenheid* van God, die onafhanklikheid van God. God is nie te verwar met wat ons in die geskape wêreld kan vind nie, wat Hy geheel anders as die geskapene: Hy is die Skepper. Daarom is die begrip skepping ook 'n kritiese begrip: dit vestig die aandag daarop dat alle geskape dinge *nie* God is, selfs nie eers goddelik is nie. Die skeppingsbelydenis ontdemoniseer dus die skepping en bring dit tot sy juiste plek as nie-God. Alle skepselverafgoding is vir die Christen uitgeslote. Slegs één is God, naamlik hy wat die Skepper is en Sy volstreckte vrymag bokant die skepping staan, transendent is. In die begrip van God as die Skepper lê alles opgesluit wat die Bybel ons verder leer oor Gods deugde van verhewenheid, almag, alomteenwoordigheid, algenoegsaamheid in Homself ens.

- (ii) In die belydenis van God as die Skepper van hemel en aarde lê daar nou egter aan die ander kant ook opgesluit die belydenis dat hierdie skepping nie alléén is nie, nie aan homself oorgelaat is nie, maar op God aangewese is en deur God houvas word. God het uit vrye welbehae en uit louter goedheid die skepping daargestel. Hy wat algenoegsaam in Homself is, het nie nodig gehad om 'n skepping daar te stel nie. Dat Hy dit tog gedoen het, hang saam met Sy goedheid. Noudat die skepping eenmaal daar is, sal God dit ook nie loslaat nie, maar Sy almag ook dáárin bewys dat Hy hierdie wêreld begelei met Sy liefdevolle regering van alle dinge. God staan in 'n verhouding tot Sy skepping, is dus ook immanent in die skepping. Dit is op hierdie punt duidelik dat die belydenis van Gods Skepper-wees eenvoudig met hom meebring die belydenis van Gods onderhouding van alle dinge. Ons gaan hier nie verder op die onderhouding in nie, maar kan net sê dat dit dáárin bestaan, dat God nie alleen alle dinge dra deur Sy krag nie, maar ook daarvoor regeer, sodat buite Sy wil of toelating niks in die skepping kan gebeur nie. Gods regering oor die skepping beteken verder ook dat Hy as die almagtige die skepping tot sy voleinding voer en dit uiteindelik sal laat beland by die einddoel wat Hy daarvoor gestel het. So sluit die belydenis aangaande die skepping ook aan by die belydenis aangaande die ewige Raad van God waarvolgens Hy alle dinge in die hemel en op aarde in Sy heilige liefde en wysheid oorskou en beplan het. Ook daarop gaan ons hier nie nader in nie.
- (iii) Wanneer God bly word as die Skepper van die hemel en die aarde, is dit ook duidelik dat God die Skepper is ook van *die engele* en *die mens*. Aangaande die engele leer ons in die Bybel dat hulle boodskappers van God is wat deur Hom gebruik word in Sy diens. Maar van die mens is dit waar dat Hy die kroon van Gods skepping is (vgl. Gen. 1 en 2.) Al word die mens nie met soveel woord hier vermeld nie, is dit duidelik dat dit in die hele belydenis om die mens gaan. Die volgende artikels sal dit duideliker na vore laat kom as wat hier die geval is. Voldoende om hier te sê dat dit dus in die besonder met betrekking tot hom waar is dat God

enersyds die volstrek vrye God is teenoor hom, maar andersyds op 'n besondere manier verbonde aan hom. As die mens die kroon van Gods skepping is, kan ons ook sê dat Gods beplanning en bestuur van alle dinge daarop bereken is om die mens te voer tot sy salige voleinding. Die mens is deur God in die besonder uitverkies (in Christus) om met Hom te deel in die heerlijkheid van Sy hemelse glorie. Dit gaan vir God met Sy skepping eintlik om die mens. Hy wil deur die mens gedien en verheerlik word. Daarom geld dit ook alleen van die mens dat God ook sy Vader wil heet. Hy wat die Vader van Christus is, wil ook die Vader wees van diegene wat in Christus is. God is dus nie die Vader van alle mense nie, maar Hy is die Vader van diegene wat in Christus verlos is. Tot hulle kom Hy in dié verhouding te staan, dat Hy oor hulle ook die liefde uitstort wat Hy in Christus uitstort. Hulle word ingetrek in die vreugde van God se besondere verhouding tot Sy Seun. Dit kan nóg van die engele, nóg van enige ander skepsel gesê word. Hierdie besondere verhouding van God tot die mens kom uit in die Vleeswording van die Woord, wat niks anders is nie as: Menswording. Daarmee het God bewys dat Hy die God *vir die mense* wil wees, en dat die mens 'n mens vir God moet wees. Hierdie waarheid kan ook uitgedruk word deur in Bybelse taal te sê dat die mens geskep is *na die beeld van God* wat beteken dat die mens in 'n verhouding tot God geskape is, 'n verhouding wat aanvanklik suiwer was, sodat die mens sy verbondenheid aan God duidelik vertoon het, maar wat deur die sondeval versteur is; sodat die mens sedert die sondeval daartoe geroep word om weereens die beeld van God te gaan vertoon – iets wat alleen deur die verlossing in Christus kan geskied.

- (iv) Die belydenis dat God die skepper is van hemel en aarde beteken verder ook dat dit vir die Christen uitgeslote is om in *evolusionisme* te verval, dit is dié lewensbeskouing wat daarvan uitgaan dat die wêreld en die mens deur ontwikkeling ontstaan het sonder die skeppende daad van God. Dit is waar dat ons nie weet *hoe* God te werk gegaan het by Sy skeppingsdade nie. Dit is ook waar dat ons natuurwetenskaplik talle verskynsels kan vasstel wat die feit bevestig dat daar

so-iets as 'n ontwikkelingsproses in die geskape wêreld aan die gang is. Maar wat op grond van die Skrif absoluut vas moet staan, is dat die skepping *Gods werk* is, dat alles uit Sy hand kom en dat Hy alleen daarvoor beskik. Dit is wetenskaplik ongeoorloof om onbewese hipoteses op te dis asof dit vasstaande wetenskaplike feite is. Daarom pas dit ons ook nie om versoeningspogings te probeer bewerkstellig tussen die evolusionistiese opvattinge en die Bybelse skeppingsgeloof nie. Ons verwar dan Bybel en wetenskap en loop gevaar om die Bybel te hanteer asof dit 'n handboek vir wetenskaplike gegewens is. Die doel van die Bybel is nie om aan ons die wetenskaplike *hoe* mee te deel nie maar die Goddelike *dat* van die skepping, wat langs die weg van wetenskaplike ondersoek nooit ontdek of weerspreek kan word nie. Ons moet Gen. 1 – 3 lees in die lig van die bedoeling van hierdie gedeelte, wat nie kan wees die mededeling van wetenskaplike gegewens nie, maar die verkondiging dat God en God alleen die Skepper is van alles wat bestaan en dat alle dinge in Sy hand is.

- (v) Die belydenis dat God die Skepper van die hemel en die aarde is, stel ten slotte aan ons die vraag na die *oorsprong en betekenis van die sonde en die kwaad*. Wanneer ons by die belydenis aangaande Christus kom, dan blyk dit dat die sonde daar reeds veronderstel word. Nou is egter duidelik dat die sonde nie deur God geskep is nie. Wie Gen. 3 aandagtig lees, sal juis merk dat alle moontlikheid dat die sonde van God afkomstig kan wees, radikaal afgesny word. Die skepping van God was *goed* (vgl. die herhaalde uitspraak daarvoor Gen. 1). Gen. 3 leer ons dat die sonde die skuld van die *mens* is, maar dat die mens daarin aangehits word deur 'n sondige mag buite hom (bedoel is: die duiwel wat in die slang ingevaar het.). Diepste oorsprong van die sonde lê dus ook nie by die mens nie maar by die duiwel wat van die begin af 'n leuenaar was (Joh. 8:44) Intussen is dit egter duidelik dat God sterker is as die sonde en die kwaad. Hy kan ook dit gebruik in Sy diens, teen die bedoeling van die sonde in. So beteken die bestaan van die sonde en die kwaad vir God die geleentheid om Homself in Sy genade nog heerliker te openbaar. Die kwaad beskik Hy uiteindelik ten goede. Daarvoor is Hy immers die Almagtige. Die wese van die

sonde is dat dit 'n ingaan is teen Gods bedoeling met Sy skepping, dat dit Gods heerskappy oor die skepping ontken en die skepsel teenoor God wil stel. In hierdie werking van die sonde kan dit ontsaglik veel resultaat bereik: die sonde lê beslag op die hele menslike geslag en is die oorsaak vir die bedorwenheid en ongeluk van die mens. Maar die sonde is nie magtiger as God nie. Uiteindelik oorwin God die sonde, juis dáár waar die sonde homself op sy hoogtepunt manifesteer: in die kruisiging van die Seun van God.

So vloei daar vir die gelowige 'n ryke troos uit die belydenis aangaande die Skepping. Ongeloof en swartgalligheid oor wat uiteindelik met hierdie wêreld sal gebeur, sou beteken 'n ontkenning van die feit dat God die Skepper daarvan is.

ARTIKEL II

EN IN JESUS CHRISTUS, SY ENIGGEBORE SEUN, ONSE HERE

1. Die geloof in Jesus Christus is die hart van die Twaalf artikels en van die Christelike geloof as sodanig. Die feit dat die aantal artikels in die Twaalf Artikels wat oor Jesus Christus handel, presies die helfte van die totaal uitmaak, is daarvan 'n duidelike weerspieëling. Dit is nie die geval omdat Jesus vir ons belangriker is as die Vader of die Gees nie, maar omdat dit God behaag het om deur Jesus vir ons die verlossing te bewerk en die geloof is altyd ook 'n geloof in die Verlossing wat ons van God geskenk word.

Wanneer ons onthou wat tevore gesê is nl. dat die kennis van God nie maar 'n verstandelike kennis is nie maar *gemeenskap*, dan ontvang hierdie waarheid besondere aksent. Immers, die mens is 'n *sondaar*. Dit is die veronderstelling van alles wat hier bely word oor die werk van Christus en die werk van die Heilige Gees en kom na vore in die woorde: “Ek glo in die vergewing van die sondes”. As sondaar kan die mens egter nie sonder meer in Gods gemeenskap opgeneem word nie. Die toorn van God oor die sonde staan tussen God en hom. God is 'n heilige God wat die sonde nie maar vergoelike nie. “Onse God is 'n verterende vuur” (Heb. 12:29). Die wonder van Gods genade is nou dat God die sondaar nogtans liefhet. Ook in sy toorn het God nog lief. Daarom stel God van Sy kant die versoening daar deur Sy Seun te gee ter wille van die sondes van die mense en hulle só weer in genade aan te kan neem. Alleen in en deur Jesus Christus is daar vir die sondaar

'n weg na die Vader (Joh. 14:6). Alleen in Jesus Christus is daar verlossing te vind (Hand. 4:12). Wie in Hom die openbaring van God ontmoet, word ook opgeneem in Gods gemeenskap en kry deel aan die ewige lewe (Joh. 20:31). Daarom: die ware geloof in God, die saligmakende geloof is nie maar die geloof dat daar 'n God is of dat God die Skepper is nie, maar is die geloof in Jesus Christus, dit is: die geloof dat God ons só lief gehad het, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16).

2. Die naam *Jesus* beteken *Verlosser* en druk die ware betekenis van die Seun van God vir ons uit (vgl. Matt. 1:21). Die naam *Christus* beteken Gesalfde (Hebreeus: Messias) en dui meer op die amp wat Christus beklee het. Onder die Ou Verbond is ampsdraers gesalf met olie om aan te dui dat God hulle die Heilige Gees wil verleen vir die vervulling van hulle taak (bv. konings, priesters en profete). Christus word in die Nuwe Testament geteken as die Groot Gesalfde, dit is: Die Groot Ampsdraer, wat nie met olie nie, maar met die Heilige Gees gesalf is (vgl. Matt. 3:16, Luk. 3:22 ens.), tot vervulling van sy groot werk. Gewoonlik word ook gespreek van die drieërlei amp van Christus, nl. dat Hy ook opgetree het as profeet (in die verkondiging van Gods Woord), as priester (in Sy barmhartigheidswerke, maar veral in die offer van Homself aan die kruis) en as koning (aan wie alle mag gegee is in Hemel en op aarde). Hoe dit ook sy, die benaming Christus wys in elk geval ook daarop dat die skrywers van die Nuwe Testament Jesus gesien het as die beloofde Messias van die Jode wat sou kom om verlossing en heil te bewerk, soos wat dit in die Ou Testament voorspel is. Aan die profesieë van die Ou Testament het Jesus in elke opsig voldoen. (vgl. maar Luk. 4 en die herhaalde verwysings van die evangelies na uitsprake uit die Ou Testament).
3. Wat is die geheim daarvan dat Jesus hierdie besondere posisie kan inneem as die openbaring van God, as die Verlosser en die Messias? Dit moet gesoek word in sy besondere verhouding tot die Vader. Hy word genoem die *eniggebore Seun van God*, om aan te dui dat daar tussen Hom en die Vader 'n verhouding bestaan wat tussen die Vader en niemand anders bestaan nie. Is dit nog waar dat daar in die Ou Testament soms sprake is van konings, engele en selfs die volk Israel as die “Seun” van God (vgl. Ex. 4:22, Hosea 11:1, ens.), in die Nuwe Testament is daar maar één wat konsekwent die

Seun van God genoem word, en niemand anders naas Hom nie: Jesus Christus. Hy word dan ook meermale die “eie Seun” van God genoem (Rom. 8:3 ,32). Of ook die “geliefde Seun” van God (Matt. 3:17), wat min of meer dieselfde beteken as: Gods eniggebore Seun (vgl. Joh. 1:14, 18, Joh. 3:16 ens.). Dui al hierdie benaminge reeds op die besondere verhouding tussen Christus en die Vader, in talle uitsprake word die klem daarop gelê dat dié verhouding nie tot stand gekom het by die ontvangenis of geboorte van Jesus nie, maar teruggaan in die ewigheid. So spreek Joh. 1 van Jesus as die ewige Woord van God wat “in die begin” by God was en self ook God was, verklaar dat alle dinge deur hom ontstaan het en dat Hy “van God gekom het”, en stel Jesus daarmee kennelik in verband met die ewige bestaan van God Self.

Dit spreek ook uit die herhaalde gebruik van die woord “gestuur” in verband met Christus, waaruit afgelei moet word dat Christus by die Vader in heerlijkheid bestaan het en toe die wêreld ingestuur is. Dit word uitdruklik bevestig deur sulke uitsprake as Joh. 17:5, 24, Joh. 6:46, Matt. 11:27. Veral duidelik word die preëksistensie van Christus geleer in gedeeltes soos Fil. 2:6 e.v. en Hebr. 1. Daar sou nog meer genoem kan word. Uit alles is dit duidelik dat die Nuwe Testament Christus wil verkondig as één van wese met die Vader en daarom self ook God,, soos dit ook kan blyk uit die volgende plekke waar Christus uitdruklik God genoem word: Rom. 9:5, 1 Joh. 5:20, Hebr. 1: 8-9, Titus 2:13, ens. So het die Jode ook die prediking van Jesus verstaan, vandaar hulle woede en verset: Joh. 5:18, Matt. 26:56. Talle uitsprake van Jesus oor Homself sou dan ook totaal onvanpas wees, as dit nie verstaan kan word vanuit hierdie waarheid, dat Hy Homself aan God gelykgestel het nie. Dink maar aan Joh. 5:26; Joh. 6:48; Joh. 14:6-9; Joh. 17:10, 11, 21, 22 ens. Dit feit dat Christus mense oproep om in Hom te glo, op Hom te vertrou, van Hom vergiffenis en die lewe te ontvang, is onbegryplik, tensy ons aanvaar dat Hy dit mag doen as die ware Seun van God, die tweede Persoon in die Goddelike Drie–eenheid.

4. Wanneer Christus dan ook in die Nuwe Testament herhaaldelik “onse Here” genoem word; sien dit op dieselfde waarheid. In die Handeling van die Apostels word hierdie titel dikwels aan Christus toegeken en in die briewe van Paulus kom dit meer as 200 keer voor. in die Ou Testament word God genoem *Here*. Dié titel word nou ook

op Christus oorgedra, veral na sy opstanding uit die dode. Daarmee word aan Christus dieselfde eer en waardigheid toegeskryf as aan God die Vader. Geen wonder dat Jesus ook in die Nuwe Testament aanbid word nie (vgl. Hand. 7:59, Rom, 10:13, ens.) Dat Jesus die Here genoem word, beteken dat Hy reg het op alle gesag en mag oor die hele aarde. Aan Hom kom die regering toe, veral oor die kerk, maar ook oor die hele wêreld. Wie Christus as die Here erken, stel homself daarmee onder die heerskappy van Christus en belowe daarmee om aan Hom in alles gehoorsaam te wees. Die belydenis dat Jesus die Here is, het dan ook daartoe gelei dat die vroeë Christene vervolgd is, omdat hulle geweier het om naas Jesus ander here en meesters te erken of te aanbid. Met name wou hulle nie die keisers aanbid, soos wat in die Romeinse Ryk gebruiklik is nie. As Christus die Here is, kan niemand anders dit naas Hom wees nie.

5. Dit is goed dat ons ten slotte die aandag sal vestig op die *ongehoorde aard* van hierdie belydenis. Dit kom immers daarop neer dat 'n mens wat op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis geleef het en wat in alle opsigte aan ons mense gelyk was (uitgenome die sonde) eenvoudig met God gelykgestel word. Dit is die groot aanstoot van die Christelike belydenis vir Jood en Mohammedaan, maar ook vir almal wat op een of ander manier Jesus wel wil erken as 'n groot persoonlikheid, as 'n figuur van wêreldhistoriese formaat, as 'n groot godsdienstige genie ens., maar *nie* as waarlik God nie. En tog is daaraan vir die Christen net mooi alles geleë. As Jesus nie waarlik die Here is nie, beteken dit dat ons nog steeds onself moet verlos, al was Hy dan ook 'n groot leraar, profeet of wat ook al. As Jesus nie die Here is nie, dan beteken dit dat die lyn van skeiding tussen God en ons wat vanweë ons sonde daar staan, nog nie werklik weggeneem is nie, maar deur onself op een of ander wyse weggeneem moet word. Alleen in die volle erkenning van die feit dat Jesus Christus die eniggebore Seun van God, en daarom ook die Here is, is daar ruimte vir die begrip van wat vir die Christelike Kerk so wesenlik is: dat God se openbaring aan die mens meer is as net 'n uitgesproke woord: dit is God self wat in Sy Seun tot die mens gekom het om Homself te openbaar in 'n daad van gemeenskapstigting waarin die mens se sonde oorwin is en hy weer met God versoen is.

ARTIKEL III

WAT ONTVANG IS VAN DIE HEILIGE GEES GEBORE UIT DIE MAAGD MARIA

Na die duidelike belydenis van die Godheid en Goddelike waardigheid van Christus Christus gaan die Twaalf Artikels dadelik daartoe oor om ook sy mensheid te bely. Hy, die Seun van God is tog ... *gebore* as 'n mens. Dit is die misterie van Kersfees.

Die onderwyser sal hier veral op die volgende punte klem moet lê:

- (a) Die Vleeswording van Christus vloei voort uit die Drie-eenheid van God. Omdat God drie-enig is, was dit moontlik dat die Vader die Seun kon *gee* en dat die Seun *kom* in die gelykheid van van die sondige vlees (Gal. 4:4, Rom 8:3). Agter die Vleeswording staan die liefde van die Vader (Joh. 3:16). Die Vleeswording gaan dus nie buite die Vader om nie. In die gawe van die Seun gee die Vader Homself. Die Heilige Gees werk aktief mee in die Vleeswording want Jesus is “ontvang van die Heilige Gees”. So is die Drie-eenheid direk by die Vleeswording (...’n sinsnede skyn hier uit te geval het – GJD) nie moontlik nie en moet Jesus verstaan word as ’n wonder-mens, ’n groot profeet of iets dergeliks, maar nooit as God uit God nie.
- (b) Die feit dat Christus egter *gebore* is as ’n mens beklemtoon die feit dat Hy ook volledig *mens* is. Al die menslike is aan Hom eie, met uitsondering van die sonde. Nie verniet word Christus voortdurend genoem die “Seun van die mens” nie. 1 Tim. 2:5 spreek van Hom Uitdruklik as “die mens Jesus Christus”. Pilatus wys na hom en sê: “Aanskou die mens!” (Joh. 19:5). Christus groei op as ’n kind (Luk. 2:40, 52), word honger (Matt. 4:2), kry dors (Joh. 19:28), ween (Luk. 19:41, Joh. 11:35), word ontroerd (Joh. 12:27), bedroef (Matt. 26:38) en toornig (Joh. 2:17). Sy lyding en sterwe is die duidelikste bewyse van sy mens-wees in die volle sin van die woord. Die Bybel noem dit Anti-Christelik om sy ware mens-wees te ontken (1 Joh. 4:3). Hy was na die vlees ’n Jood (Hand. 2:30, Rom. 1:3, ens.), aan Sy broeders in alle opsigte gelyk, uitgenome die sonde (vgl. Hebr. 2:14, 17, 18; Hebr. 4:15; Hebr. 5:1). Vir die Christelike belydenis is daar net soveel waarde aan die belydenis dat Jesus Christus ’n ware mens is, as wat die betekenis daarvan is dat Hy ware God is.

(c) Waarom? Omdat Jesus Christus deur die Bybel verkondig word as die *Middelaar* wat tussen God en die mens staan en die versoening tussen God en die mense bewerk (1 Tim. 2:5). Die Brief aan die Hebreërs spreek graag van Hom as die Hoëpriester wat die versoening bewerk het. Juis in hierdie verband word dan daarop klem gelê dat Hy waarlik mens moet wees, één van ons en één met ons, sodat Hy namens ons kan optree in die dinge wat in betrekking tot God staan (Hebr. 5:1). As Hy namens ons die straf vir die sonde moes dra, soos Jes. 53 uitdruklik leer, dan moes Hy één van ons wees. Die Nuwe Testament spreek dan ook op talle plekke van hierdie plaasvervangende betekenis van Christus. Hy tree namens ons op, staan in ons plek, ly en sterwe “vir ons”, ens. (Vgl. Joh. 10:18, Ef. 5:2, Hebr. 9:26, 10:12, 1 Kor. 6:20, ens.) Die skerpste kom dit tot uitdrukking in die lering van Paulus, dat God die wêreld met Homself versoen het in Christus, en wel deur Hom, wat geen sonde geken het nie, *sonde te maak vir ons* (2 Kor. 5:18-21). Dit is dus duidelik: die mens Christus tree op in belang van die ander mense as Middelaar, wat namens hulle en in hulle belang handel. Daarom moet Hy ’n ware mens wees, netsoos hulle. Dit word spesifiek uitgewerk in Rom. 5:12 e.v. waar Christus en Adam met mekaar vergelyk word. Soos Adam die hele menslike geslag in die ongeluk gestort het, aangesien hy die vader van die hele menslike geslag was, só beklee ook Christus ’n beslissende posisie vir die menslike geslag, want ook Hy tree namens alle mense op, verteenwoordig hulle en maak vir hulle die kwaad ongedaan wat Adam oor hulle gebring het. Die Bybel leer dan ook dat die mensheid in Christus begrepe is, sodat alles wat met Hom gebeur of wat hy gedoen het, vir die mensheid geldigheid en betekenis het. Hy word genoem die *Hoof* van die mensheid en die verlostes is in Hom uitverkies (Ef. 1:4), is met Hom gekruisig en opgewek (Ef. 2, Rom. 6) en word uit Sy Volheid alles deelagtig wat aan hom behoort (Joh. 1:16).

Daarom neem Jesus Christus ’n volstrek enige posisie in onder die mense as **DIE MENS VIR DIE MENSE**. Van Hom word verklaar dat daar buite Hom om geen saligheid te vinde is nie, maar dat aan Hom die beslissing vir die mens val: wie in Hom glo het die ewige lewe, maar wie Hom verwerp, bly onder die oordeel van God (vgl. Joh. 3:36, Hand. 4:12 ens.)

- (d) Hoe is dit nou egter moontlik dat Jesus hierdie enige posisie as Middelaar onder die mense kan inneem? Omdat Hy nie maar 'n *blote* mens is nie. Hy is ook God. As Hy 'n blote mens was, sou Hy 'n maklike prooi vir die sonde gewees het, soos ons almal. En as Hy self 'n sondaar was, kon Hy nie namens ons optree en die skuld en straf van die sonde in ons plek dra nie, want dan moes Hy immers vir Sy eie sonde betaal. Daarom is die *sondeloosheid* van Christus vir die Bybel 'n saak van soveel belang (vgl. 2 Kor. 5:21, 1 Pet. 2:22, 1 Joh. 3:5, 1 Pet. 3:18, Hebr. 7:26, Hebr.4:5 ens.). Dit kan van geen ander mens gesê word nie en bewys dat Christus 'n unieke posisie inneem, omdat Hy, hoe volledig mens ook-al tog van “Bo” gekom het. Die “Ek” in Hom was die Seun van God, die Tweede Persoon in die Goddelike Drie-eenheid. En hierdie feit, dat Sy menslike natuur verenig was met Sy Goddelike natuur, het Hom van alle ander mense uitgesonder en Hom die oorwinnaar gemaak oor alle versoeking en sonde (vgl. Matt. 4:1-11). Die unieke betekenis van Christus as die Middelaar staan en val dus met die belydenis dat Hy twee nature in één Persoon verenig het: Hy was God en mens tegelyk. Die Christelike Kerk het hierdie belydenis deur sware stryd heen bewaar en geformuleer. Op die Konsilie van Chalcedon (451 n.C.) is dit as die geloof van die kerk op grond van die Skrif neergelê dat in Christus die Goddelike en menslike natuur verenig, is, nogtans só dat hulle onvermengd en onveranderd, ongedeeld en ongeskeie saamgevoeg is in die één Persoon van die Middelaar.
- (e) Die woorde *ontvang van die Heilige Gees en gebore Uit die maagd Maria* beklemtoon hierdie feit, omdat dit heenwys as die geboorte van die ewige Seun van God uit 'n vrou op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis. Die feit dat bely word dat Christus geen aardse vader gehad het nie, is in ooreenstemming met die belydenis dat Hy as die ewige Seun van God geen aardse vader nodig gehad het nie: voor Adam was, was Hy. Die ontvangenis van die Heilige Gees wys op die misterieuze voorbereiding van Sy menslike natuur in die skoot van Maria sonder die tussenkoms van 'n man. Vir die verstand is dit onaanvaarbaar maar vir die geloof is dit nie vreemd nie, want sou iets vir God onmoontlik wees? (Luk. 1:37). Intussen het die maagdelike geboorte van Christus ook betekenis vir Sy sondeloosheid: Hy is geen produk

van die menslike geslag nie, maar 'n nuwe loot wat van buite op die mensheid ingeënt word. Daarom was Christus nie aan die erfskuld onderworpe nie, maar het Hy die (sonde) vrywilliglik op Hom geneem.

ARTIKEL IV

WAT GELY HET ONDER PONTIUS PILATUS, GEKRUISIG, GESTORWE EN BEGRAWE IS EN TER HELLE HET

1. Met die woorde van hierdie artikel kom ons nou by die eintlike *werk* wat Jesus as die Middelaar vir ons mense kom doen het. Natuurlik, óók sy Vleeswording, sy ontvangenis van die Heilige Gees en geboorte uit die maagd Maria was reeds dae van Sy kant in ons belang, omdat Hy daarmee ons menslike vlees aangeneem en Hom met ons vereenselwig het in ons nood en skuld. Dit was as sodanig egter nog nie genoeg nie. Christus moes ook werklik die sonde en die skuld van die mens voor God *versoen*. Daarom dat Hy in Sy lewe en sterwe in die besonder Sy werk van verlossing moes verrig.

Op twee maniere het Christus as Middelaar en Plaasvervanger opgetree in belang van die mense: (a) Hy het in naam van die verlore mensheid alles oorgedoen wat die mense verkeerd doen, en dit só voor God herstel. Dit geld nie slegs van die feit dat Hy in alles aan God gehoorsaam was, die Goddelike wet volkome vervul het en só in naam van die mensheid aan die eis van God voldoen het nie, maar dit geld ook van die feit dat Hy deur Sy heilige geboorte, heilige lewenswandel, deur Sy dood en opstanding, ja deur Sy hele bestaan ons arme lewe toedek en héél. Sy geskiedenis word deur God op ons neergelê en maak dit alles weer goed. (b) Hy het in naam van die skuldige mensheid die straf van God oor die sonde volkome gedra. In Sy lyding, kruisdood, begrafnis en hellevaart lê die vloek oor die sonde op Hom en word deur Hom tot die laaste deurgemaak, nie vir Homself nie – dit was onnodig – maar vir diegene wat in Hom glo. Hy het dit alles *plaasvervangend* ondergaan. Daarom is ook die vrug wat Hy daarvan verkry het, die opstanding, hemelvaart en ewige heerlijkheid, plaasvervangend deur Hom vir ons verkry. Elkeen wat in Hom glo, het klaar deel aan die opstanding en hemelvaart, sowel as die hemelse heerlijkheid van Christus.

2. In die lig van die bostaande is dit daarom duidelik dat die *lyding* van Christus waarvan hier sprake is, méér inhou as net die lyding aan die einde van sy lewe. Dit omvat in werklikheid Sy hele lewe vanaf die eerste oomblikke: die moontlike misverstand oor sy geboorte uit 'n maagd; die feit dat daar vir Hom geen herberg was selfs by Sy geboorte nie; die moordplanne van Herodes en die vlug na Egipte; die veragtelikheid van Nasaret, die konflik met die Fariseërs en Skrifgeleerdes, die geestelike leidsliede van die volk; die verwerping deur die volk en die verloëning en verraad van die kant van Sy dissipels. Eintlik was Sy hele lewe, reeds voor die sg. *passio magna*, één stuk lyding. Tog het Christus juis in dié lyding volkome gehoorsaam gebly aan die Vader en in alles die wet van God vervul. Daarby het Hy getrou gebly aan die weg van lyding wat die Vader vir Hom voorgehou het, ten einde die skuld van die mense te versoen.

Ons moet onthou dat die dieptepunt van die lyding van Christus nie gevorm is deur wat Sy vyande, die volk in die algemeen, en selfs Sy vriende Hom aangedoen het nie, maar in wat God Hom aangedoen het. Deurentyd immers het Hy die las van die toorn van God oor die sonde gedra. Wat mense Hom aangedoen het, was maar net die uiterlike voltrekking van die innerlike lyding wat God Hom aangedoen het deur die oordeel wat op Hom gerus het.

Dat *Pilatus* spesiaal genoem word, sien in eerste instansie op die historiese aard van die lyding van Christus: Sy lyding was geen tydlose lyding nie, maar Hy was 'n mens, 'n bepaalde mens, wat op 'n bepaalde tyd in die geskiedenis geleef, gely en gesterwe het. Hiermee word opnuut klem gelê op die feit dat die Christelike godsdiens 'n sterk historiese kant het. Die Christelike geloof rus op wat God in die geskiedenis gedoen het. Die openbaring van God is geen tydlose openbaring nie, maar bepaalde gebeurtenisse wat op bepaalde momente in die geskiedenis plaasgevind het, waarin God Sy kragtige arm geopenbaar het. Daarom kan die heilsdade van God in die Geskiedenis van Israel as konkrete historiese dade in die Ou Testament besing word. Daarom kan die heilsdade van God in Christus ook uitgedruk word in die reeks werkwoorde in die verlede tyd wat in verband met Christus gebruik word: gely, gekruisig, begrawe ens. Wie hom aan die historiese karakter van die Christelike boodskap erger, verstaan nie die weselike van die Christelike boodskap nie. Ongelukkig was dit lank die geval in die teologie, dat net eenvoudig geglo is dat daar

agter die Christelike heilsfeite gesoek moet word na bepaalde ewige waarhede wat altyd geldig is en waarvan die konkrete gebeurtenisse maar net illustrasies sou wees. So word Jesus se lewe 'n illustrasie van wat met elke mens moet gebeur, maar dit het as sodanig nie beslissende betekenis vir alle tye nie. In ons tyd is dit veral die teologie van Rudolph Bultmann wat sterk in hierdie rigting beweeg het. Daarteenoor moet die noem van die naam van Pontius Pilatus in die Twaalf Artikels ons altyd herinner aan die historiese karakter van die Christelike boodskap. Let in hierdie verband gerus weer op wat ons vroeër reeds gesê het oor die Openbaring van God en die Heilige Skrif.

Die uitleg wat die Heidelbergse Kategismus van hierdie artikel gee, bevat nog 'n verdere rede waarom die naam van Pilatus in die Twaalf Artikels verskyn. Dit wys daarop dat Christus onskuldig voor die wêreldse regter veroordeel is, om ons te bevry van die strenge oordeel van God wat ons sou moes ondergaan. Of hierdie gedagte ook werklik by die oorspronklike samestelling van die Twaalf Artikels bewustelik aanwesig was, moet betwyfel word. Nietemin bly dit 'n aangrypende gedagte. Ons sou ook nog iets meer daaraan kan toevoeg, nl. dat die feit van Christus se veroordeling deur 'n wêreldse regter, 'n helder lig laat val op die onreg óók van wat ons “regspraak” noem. Daardeur word die reg van die destydse Romeinse regstaat as skyn openbaar en word dit duidelik hoe diep die menslike ellende is – ook daar waar hy voorgee om reg te doen.

3. *Gekruisig, gestorwe, begrawe en ter helle neergedaal*: In hierdie ry werkwoorde word die diepgang van Christus se vereenselwig met die nood van die mens tot uitdrukking gebring. Die hoofinhoud daarvan is duidelik: Hier word die historiese feite in verband met die lewenseinde van die Mens Jesus Christus, die Middelaar, sober en sonder verdere omhaal van woorde meegedeel. Maar elkeen van hierdie woorde beskryf enersyds die volledige mensheid van Christus, en daarmee andersyds die volledige diepte van die neerdaling van die Seun van God in ons ellende. Vir die kerk is hierdie reeks gebeurtenisse die hart van die belydenis aangaande Christus. Geen wonder dat die kruis die simbool van die Christelike kerk by uitnemendheid geword het nie. Want in die belydenis van die dood van Christus skuil daar vir die kerk die geweldige betekenis dat Christus met Sy dood die prys vir die sonde van die mensheid gedra het

en die verlossing verkry het.

Dat Christus *gekruisig* is, sê iets meer as dat Hy maar net 'n gewone dood gesterwe het. Die kruisdood was in die besonder die dood van die misdadiger, 'n smadelike dood by uitnemendheid. Die Christelike kerk het dit dan ook van die begin af verstaan as aanduiding van die feit dat Christus 'n vloekdood gesterf het (Gal. 3:13), omdat die vloek van God op Hom gerus het. Dit gee aan die dood van Christus 'n ongekende diepte, want dan was Sy dood in werklikheid die Tweede Dood, die helle-dood, wat veel meer is as die liggaamlike sterwe (vgl. Openb. 20:14). Die dood wat Christus gesterwe het, was die loon van die sonde (Rom 6:23). Daarom kan nie van Christus gesê word dat Hy *ontslaap* het, soos wat dit van die gelowiges in Christus wél gesê kan word nie (vgl. 2 Tim. 4:14). Christus het die dood in sy volle diepte gesmaak, maar diegene wat in Hom glo, hoef nie meer die diepte van die dood te smaak nie maar mag die dood ervaar as 'n oorgang uit hierdie lewe na die toekomstige. Wanneer die kerk dan ook verklaar dat hy aan die dood van Christus glo, bedoel hy daar veel meer as die geloof aan 'n blote historiese feit. Hy bedoel daarmee dat die sterwe van Christus 'n gebeurtenis was wat boordevol gevul was met heilsbetekenis. Christus het in die plek van die mense gesterwe; Hy het die vloekdood in hulle plek gedra, sodat die angel van die dood vir hulle uit hul sterwe weggeneem is. Die straf wat vir hulle die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir hulle genesing gekom (Jes. 53:5).

Daarom dat ook die *begrafnis* van Christus deur die kerk bely word as 'n heilsfeit. Die begrafnis van Christus was immers nie maar net die bewys daarvan dat 'n bepaalde mens dood was en die gewone vernederende gebeurtenis ondergaan het om begrawe te word nie. Ook dit is natuurlik waar. Die begrafnis van Christus is die afsluiting van Sy aardse lewe en dit is as sodanig dus ook die bewys dat Hy waarlik dood was. Daar lê egter meer in die begrafnis van Christus as net dit. Daar lê ook 'n heilsbetekenis in. Christus is ook begrawe om ons ontwil. Selfs die diepte van die graf was nie vir Hom te diep om in die ellende van die mens in te gaan nie. Die Nuwe Testament skryf dan ook aan die begrafnis van Christus die betekenis toe dat die gelowiges saam met Christus begrawe is. Daarmee word ongetwyfeld bedoel dat die ou menslike natuur deur Christus eens en vir altyd aan die dood en die graf oorgegee is en

dat die gelowige dus mag aanvaar dat dit afgedaan is (Rom. 6). Origenes lê daar in die begrafnis van Christus vir die Christen die geweldige troos dat Christus wél in die graf was, maar ook daaruit opgestaan het, sodat die graf vir die gelowige oopgebreek is en nie meer die laaste woord kan heet nie.

Oor die betekenis van die *neerdaling ter helle* is daar heelwat verskil tussen die teoloë uit verskillende kerke. Die Rooms-Katolieke Kerk verstaan dit as 'n lokale neerdaling van Christus na die hel, en verstaan dan daaronder dat Christus na Sy dood afgevaar het na die onderwêreld of die doderyk om daar op 'n triomfantelike wyse diegene wat vóór Sy koms gesterwe het en in God geglo het, te gaan bevry. Só gesien, is dit dan alreeds 'n deel van die verhoging van Christus, nie meer 'n deel van Sy vernedering nie. In Lutherse kringe bestaan daar dikwels dieselfde opvatting, hoewel sommige Lutherse teoloë tog altyd ook beklemtoon het dat die neerdaling na die hel deel was van die diepe vernedering van Christus. Dit is egter veral die Gereformeerdes wat op voetspoor van Calvyn deurgaans daarvan uitgaan dat die neerdaling ter helle nie in 'n lokale sin opgeneem moet word, asof Christus na 'n *plek*, die hel of doderyk, afgedaal het nie, maar dat dit geestelik verstaan moet word van die diepte van die vloek waaronder Hy gely het. Dit gaan om die helse smarte, die verwerping wég van die aangesig van God. Daarom word dit ook dikwels in verband gebring met die benoudheid van Christus in Getsémane (Matt. 26:38) en Sy uitroep van Godverlatenheid aan die kruis (Matt. 27:46). Inderdaad, dit gaan by die neerdaling ter helle om die allerdiepste diepte van die lyding van Christus, 'n lyding waarvan die erns aan die oog van die mens onttrek is, maar waarvan die drie uur duisternis 'n teken was. Nog andere is daar wat die *neergedaal ter helle* vertaal met: *neergedaal na die doderyk*, en daar dan niks anders onder wil verstaan as die blote feit dat Christus werklik dood was nie: Hy het deel geword van die dodes, die ryk van die dodes. Só gesien sit daar dan niks meer betekenis in as in die feit van sy sterwe of begrafnis wat reeds in die belydenis uitgespreek is nie. Die sterkste argument ten gunste van hierdie laaste opvatting is die feit dat dit in die Twaalf Artikels voorkom ná die belydenis van die begrafnis van Christus, terwyl die gereformeerde interpretasie dit eintlik laat slaan op Sy lyding wat aan die begrafnis reeds voorafgaan. Na ons mening neem dit egter iets weg van die diepte van die lyding

van Christus soos dit in Sy uitroep van Godverlatenheid na vore kom. Die gereformeerde interpretasie blyk daarom sááklik die beste te wees. Ook al mag dit histories (volgens die bedoeling van die samestellers van die belydenis) miskien nie so bedoel gewees het nie.

ARTIKEL V

WAT OP DIE DERDE DAG WEER OPGESTAAN HET UIT DIE DODE

1. Die boodskap van die opstanding van Christus is van sentrale belang vir die hele Christelike verkondiging. Uit die prediking van die apostels blyk dit meer as duidelik dat die opstanding náás die kruisiging van Christus selfs die hoofmoment van die Christelike boodskap is. Lees daarvoor maar die aangrypende rede van Petrus op die Pinksterdag (Hand. 2:14 e.v.). Paulus verklaar dan ook dat Christus deur die opstanding uit die dode bewys is as die Seun van God (Rom. 1:4). In die opstanding word dit duidelik dat Jesus nie maar net 'n mens was soos alle ander mense nie, maar dat Hy ook waarlik God was wat selfs deur die dood nie teruggehou kon word nie. In 1 Kor. 15 betoog Paulus met alle uitvoerigheid dat as die opstanding van Christus geen werklikheid is nie, die hele evangelie daarmee in duie stort. En inderdaad, so het die Christelike kerk dit nog steeds verstaan: aan die historiese feit van die opstanding van Christus uit die dode hang die hele evangelie. Sonder die opstanding van Christus uit die dode is die kruis 'n stuk tragiek, die ondergang van 'n edele mens, maar niks meer nie. Mét die opstanding word die kruis egter eers sigbaar in sy volle betekenis as die plaasvervangende dood van Hom wat magtiger is as die dood en wat dus die dood kon oorwin en uit die graf te voorskyn kon tree.
2. Die realiteit van die ligaamlike opstanding van Christus uit die dood is vandag, soos trouens reeds vir meer as 'n eeu, 'n voorwerp van besondere bestryding van verskillende kante. Veral is dit natuurlik op rasonale gronde bestry dat 'n dooie lewend kon word, en daar is altyd weer getrag om die opstandingsgeloof van die dissipels te verklaar vanuit ander oorsake, bv. as gebore uit die vurige wens van die dissipels, of as 'n geloof wat in hulle harte gegroei het deur die bewussyn van die

teenwoordigheid van Christus as die Lewende nog by hulle, ook al lê Sy liggaam in die graf. In ons tyd is dit veral diegene rondom Rudolph Bultmann wat meen dat die opstandingsgeloof onderskei moet word van die opstandingsfeit, dat laasgenoemde nie belangrik is nie, maar net eersgenoemde, en dat eersgenoemde teruggaan op die geloof dat Christus as die Lewende Heer in Sy gemeente teenwoordig is, en nie op die feit van 'n leë graf nie. Volgens Bultmann is die boodskap van die opstanding alleen daar om die besondere betekenis van die kruisdood te onderstreep. – Teenoor al hierdie vorme van bestryding van die liggaamlike opstanding van Christus handhaaf die Christelike Kerk egter nog steeds die feitlikheid daarvan, omdat daaraan alles geleë is. As eenvoudige argument téén alles wat aangevoer word om die feitlikheid van die liggaamlike opstanding van Christus te loën, moet die feit genoem word dat die Bybel so duidelik betuig dat die dissipels dit aanvanklik nie self kon of wou glo nie en dat hulle maar eers langamerhand oortuig is van die feitlikheid daarvan.

3. Die betekenis wat die opstanding vir die Christelike Kerk het, is nie slegs dat dit as 'n bewys dien van die Godheid van Christus en gevolglik van die diepgaande betekenis van die kruis nie, maar ook dat daar in die opstanding 'n nuwe werklikheid aan die lig tree, 'n nuwe heilsdaad van God tot openbaring kom. Hierdie nuwe is daarin geleë dat Christus die krag van die dood verbreek deur daaruit op te staan, en daarmee aan die lig te bring, nie alleen dat God waarlik die prys van Sy soendood aanvaar het nie, maar ook dat die volledige oorwinning oor die vloek behaal is. Dit is veral hierdie vreugde oor die oorwinning van Christus oor die magte van die Bose wat die paasvreugde van die Oosterse Kerk beheers. In elk geval vat ook die Heidelbergse Kategismus die nut van opstanding saam onder die drie punte, dat dit 'n bewys is van die oorwinning van Christus oor die dood, dat dit vir die gelowiges 'n onderpand en bewys is van hulle salige opstanding uit die dode, én dat hulle, vanuit die solidariteit van Christus met die ganse menslike geslag, in die opstanding van Christus ook die bewys het dat ons ook saam met Christus opgewek is in 'n nuwe lewe (vgl. Rom. 6). Die triomf van Christus word in die opstanding openbaar. Daarom hang Christelike geloof in so 'n groot mate die feit van die

opstanding. Immers, juis daar word dit duidelik dat God oorwin het, dat die Bose nie die laaste woord het nie, dat uiteindelik alles volgens Gods plan en voorneme sal verloop, want aan Hom kom alle mag toe in die hemel en op aarde.

ARTIKEL VI

OPGEVAAR HET NA DIE HEMEL, EN SIT AAN DIE REGTERHAND VAN GOD, DIE ALMAGTIGE VADER

1. Die hemelvaart van Christus is ook een van die heilsfeite wat in die afgelope eeu herhaaldelik verwerp is en as 'n mitologiese voorstelling beskou is deur diegene wat meen dat dit nie gerym kan word met die moderne wêreldbeeld nie. Vir die Christelike Kerk bly dit egter een van die vernaamste punte in verband met verhoging van Christus. As daar immers sprake is van die hemelvaart van Christus, word daar geen uitspraak gedoen oor die wêreldbeeld nie maar word die feit bely dat Christus se aardse omwandering en Sy verkeer met Sy dissipels, ook as die Opgewekte, op 'n bepaalde tydstop beëindig is en dat Hy van hulle heengegaan het terwyl hulle dit aanskou het (Hand. 1). Hoe ons ons dit alles presies verder moet voorstel is vir die Christelike Kerk van minder belang. Dit gaan hier om 'n geestelike werklikheid wat vir die kerk van die grootste belang is en in die Heilige Skrif baie duidelik verkondig word. Die hemelvaart van Christus is die teenhanger van Sy vernedering as die Seun van God wat 'n dienskneeggestalte aangeneem aangeneem het, en hang saam met die feit dat Hy waarlik God is en teruggekeer het in die heerlikheid wat Hy by die Vader gehad het van voor die grondlegging van die wêreld af. As sodanig is dit die vernaamste element van wat gewoonlik genoem word die *verhoging* van Christus.
2. Oor die betekenis van die hemelvaart as sodanig is daar in die Christelike Kerk geen twyfel nie: dit beteken die aanvaarding van die koningsheerskappy deur Christus (vgl. Matt. 28:18; Hebr. 2:9; Ef. 4:10 ens.). Daarom staan die hemelvaart van Christus ook in dieselfde artikels as die belydenis dat Hy *sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader*. Dié twee dinge kan inderdaad nie geskei word nie. Die hemelvaart is die troonsbestyging van die Verre Heiland. Natuurlik moet ons

onthou dat hierdie laaste uitdrukking beeldspraak is en sien op die *funksie* wat Christus beklee, nie op 'n letterlike plek waar Hy sou sit nie. God het tog geen hand nie en sit tog nie op 'n letterlike troon nie! Die beeld is ontleen aan die wêreld van die Oosterse Vors wat sy mede-regeerder aan sy regterhand laat sit. Dié belydenisuitspraak bedoel dan ook niks anders nie, as dat Christus tans vanuit die hemel regeer. Beter uitgedruk: die Vader regeer tans deur Christus. Hierdie belydenis hou nie alleen in dat aan Christus Self dus die hoogste heerlikheid toekom nie, maar dit beteken ook ten opsigte van die wêreld dat die Een wat regeer, dieselfde Een is wat Homself gegee het vir die sonde van die wêreld. Die heerskappy van Christus is dus 'n genadeheerskappy, 'n heerskappy wat bereken is op en afstuur op die triomf van God se goedheid en liefde in hierdie wêreld. Op meerdere plekke vermeld die Skrif dan ook uitdruklik dat Christus aan die regterhand van die Vader *intree* vir die gelowiges (vgl. Rom. 8:34, vgl. Rom. 8:27, 1 Joh. 2:1 ens.). Christus oefen Sy heerskappy uit, maar dan as die openbaring van Gods almag in die gestalte van Sy genade. Daarom is dit ook duidelik dat Christus se heerskappy in eerste instansie gaan om die kerk, om die vergadering, opbou en bewaring van die kerk, maar dat dit ook betrekking het op alle dinge, want die hele geskiedenis word deur Christus gelei en beheer met die oog op die saligheid wat wag vir die kinders van God en die heerlike voleinding van alle dinge wat nog aanstaande is. Daar word dikwels gespreek oor die *providentia specialissima*, die besondere voorsienigheid van God, en dan word daarmee juis dit bedoel, dat God in die besonder deur Christus sorg vir die heil van die kinders van God en die deurbraak van die Koninkryk van God in hierdie wêreld.

3. Die hemelvaart van Christus beteken dus inderdaad 'n oorgang vanuit die aardse omwandeling na die hemelse heerskappy. Daar het 'n *skeiding* ingetree tussen Christus en Sy dissipels, 'n skeiding wat deur Hom aangedui is as: *As Ek weggaan ...* (Joh. 16:7). Maar hierdie weggaan van Christus het geen absolute skeiding beteken nie. Intendeel, in Matt. 28:20 gee Hy juis weer die versekering aan die dissipels dat Hy met hulle sal wees tot aan die voleinding van die wêreld. Self verklaar Hy dat dit vir die

dissipels voordelig is dat Hy weggaan (Joh. 16:7). Ons vind dus hierdie vreemde dat Christus se hemelvaart enersyds 'n skeiding is, en andersyds nie. Dit kan alleen daaruit verklaar word dat Hy wel liggaamlik, na Sy menslike natuur, inderdaad weggegaan het en as sodanig nie meer by die kerk is nie. In die stryd wat daar in die sestiende eeu tussen die Lutherane en die Gereformeerdes ontbrand het rondom die Nagmaal, en waarin die Lutherane volgehou het dat Christus ook na Sy mensheid alomteenwoordig is en dus in en onder die tekens by die Nagmaal teenwoordig kan wees, het die Gereformeerdes voet by stuk gehou en verklaar dat Christus se menslike natuur nie alomteenwoordig is nie en inderdaad wég is met die hemelvaart. Maar – dááror kan daar geen verskil wees nie – na Sy Godheid, genade, majesteit en Gees wyk Christus nimmermeer van Sy gemeente nie. Hy het juis verklaar dat as Hy weggaan, Hy weer in en deur die Trooster na hulle sal kom (Joh. 14:18). Die hemelvaart beteken dus geen droewige afskeid nie, maar 'n vreugdevolle afskeid, want die teenwoordigheid van Christus by Sy kerk is ná die hemelvaart eintlik nog heerliker as daarvóór.

4. 'n Laaste belangrike punt waarop die aandag hier gevestig moet word, is die feit dat dit juis uit die voorafgaande vloei dat Christus werklik en lewend teenwoordig kan wees in Sy kerk. Die kerk glo dan ook dat die ampte van Christus – Profeet, Priester en Koning – nog steeds deur Homself uitgeoefen Word vanuit die hemel, omdat Hyself lewend in Sy kerk teenwoordig is. Waar die Woord gepreek word, spreek Christus nog self deur daardie Woord persoonlik tot die gemeente. Waar daar in die kerkdienste van liefde of barmhartigheid verrig word, geskied dit deur Christus self, maar net deur die instrumente van die ampsdraers. So ook regeer Christus Self in die kerk, nie die ampsdraers in eintlike sin nie. Hierdie opvatting het groot betekenis met die oog op die opvatting van die kerkreg en die kerklike ampte. Alle regeringshandelinge in die kerk moet steeds verrig word in gehoorsaamheid aan die Woord van God, want alleen só kan daarvan seker gemaak word dat dit Christus self is wat in die kerk regeer en nie maar die mens self nie.

ARTIKEL VII

VANWAAR HY SAL KOM OM TE OORDEEL DIE LEWENDE EN DIE DODE

1. Die belydenis oor die wederkoms van Christus is 'n wesenlike deel van die evangelieboodskap. Waar die voorafgaande artikels gehandel het oor dinge wat in die verlede gebeur het, wys hierdie artikel heen na die toekoms – netsoos ook artikels XI en XII wat handel oor die wederopstanding van die vlees en die ewige lewe, en wat as aanvulling van hierdie artikel gelees moet word. Die Christelike Kerk verstaan dit dus só, dat ons vandag in die tussentyd lewe, die tyd tussen hemelvaart en wederkoms, die tyd van die genade, waarin onder die genade-heerskappy van Christus daar ruimte is vir die uitbreiding van die kerk, vir die sending en vir die rypwording van hierdie wêreld met sy geskiedenis vir die herstel van alle dinge én vir die oordeel oor alles wat teen God in opstand was.
2. Die wederkoms van Christus om te oordeel word in die Bybel meermale in verband gebring met die *openbaring* van Christus (Kol. 3:4). Daarmee word gesinspeel op die feit dat Christus tans wel Koning is, maar nog verborge. Sy Koningskap en heerlikheid moet nog geopenbaar word en vir alle mense duidelik word. Tans is dit nog moontlik om die koningskap van Christus te loën of te ontken, maar wanneer hy weer kom, sal elke knie voor Hom moet buig en elke tong sal moet bely dat Jesus die Here is tot heerlikheid van God die Vader (Fil. 2:11). Daarom verklaar die Bybel ook dat elke oog Hom sal sien wanneer Hy kom op die wolke. Die wederkoms van Christus is die groot moment waarheen die wêreld heen lewe. Soos die eerste koms van Christus die ou bedeling afgesluit het, sal Sy wederkoms die huidige bedeling afsluit en vervul.
3. Dat aan Christus spesiaal die oordeel toegeskryf word, is ook in ooreenstemming met die duidelike leer van die Skrif. Kragtens Sy hoedanigheid as die Koning sal die oordeel aan Hom toegestaan word deur die Vader. Dit sien nie alleen op sy heerlikheid en majesteit nie, maar wys ook daarop dat die tyd van genade dan verby sal wees. Wanneer Christus, wat tans nog almal uitnooi om na Hom te kom vir verlossing, die oordeel begin voltrek, is daar geen geleentheid tot genade meer nie (vgl. Matt. 25, Rom. 2:16, 2 Kor. 5:10 ens.). Die feit dat die oordeel deur Christus geskied, wys dan ook daarop dat dit 'n oordeel sal wees wat sal gaan oor die vraag wat die verhouding van die mens tot Christus was. Die Skrif leer duidelik

dat die beslissing met die oog daarop sal val (V9 . Joh. 3:18, Rom. 8:1 ens.). Nie die grootheid van die mens se misdade sal maak dat hy veroordeel word nie – want dan moet alle mense veroordeel word – maar die feit dat daardie mens nie na Christus gevlug het met sy misdade nie. Wel leer die Bybel op talle plekke dat die oordeel sal geskied volgens die werke van die mens (vgl. bv. Matt. 25, 2 Kor. 5:10, Rom. 2:6), maar dit is uit die verband van die hele Skrif duidelik dat die mens nie die ewige lewe kan verdien met sy eie goeie werke nie. Daarvoor moet ’n mens maar die briewe van Paulus aan die Romeine en die Galasiërs en die Filippense deeglik lees. Te duidelik verkondig die Skrif dat die verlossing alleen uit genade sal geskied, alleen deurdat die bloed van Christus die mens se sonde bedek. Ons sal die oordeel volgens die werke dus nie mag verstaan in dié sin dat daar diegene sal wees wat deur hulle goeie lewenswandel *verdien* om vrygespreek te word, terwyl ander dit nie verdien nie. Ons sal dit in dié sin moet verstaan, dat dit uit die werke van die mens die duidelikste sal blyk of hy werklik in Christus geglo het of nie. Indien sy werke toon dat hy werklik in Christus geglo het, hom werklik op Christus verlaat en op Hom alleen vertrou het, dan sal sy werke die bevestiging daarvan wees dat Christus se soenbloed werklik sy sonde weggenem het. Maar indien sy werke toon dat hy Christus verwerp het, dan sal ook dit die bewys daarvan wees dat hy verlore moet gaan. Die geloof blyk uit die werke, maar dit is nie die werke wat red nie, maar die geloof, of liever: Christus, wat in die geloof aangeneem word. Dit is waar dat die Bybel op baie plekke spreek oor die *loon* waarmee Christus kom (vgl. bv. Openb. 22:12), maar ons moet onthou dat ook dié loon nie ’n verdiende loon sal wees nie, maar ’n *genade-loon*. Wie in Christus is, sal vrygespreek word en in genade beloon word vir sy werke (al verdien sy werke in hulleself niks), maar wie buite Christus is sal deur die oordeel verteer word en die ware loon van sy ongeloof ontvang.

4. Die oordeel van Christus is dus vir die gelowiges geen saak van skrik nie, maar van heerlike verwagting. Wie in die Regter ook sy Middelaar sien, hoef die oordeel nie te vrees nie. Dit beteken nie dat die oordeel nie nogtans ’n saak van skrik sal wees nie,

want in die lig van die oordeel van God sal elke donker plek van ons lewe oop en bloot wees, en dit sal ongetwyfeld ook vir die gelowiges 'n oorsaak van skaamte wees. Maar terselfdertyd sal hulle die heerlike wete hê van bedek te wees met die bloed van Christus. Veel sal egter nie die toets van die oordeel van Christus kan deurstaan nie. Paulus praat daarvan dat ons werke getoets sal word asof deur vuur heen (1 Kor. 3) en dan sal veel van ons arbeid eenvoudig verbrand en in die holheid en leegheid daarvan openbaar word. Veel van wat hier as groot beskou is, sal daar nie kan bestaan nie, en veel wat hier verag is of nie eers opgemerk is nie, sal daar blyk deur Christus geken en geëer te word. Ons moet bepaald nie alleen daaraan dink dat Christus as die Regter alles in sy geregtigheid sal veroordeel nie, maar ook dat Christus sal kom om deur Sy oordeel te herstel wat verkeerd is. Dan sal die geregtigheid van Sy volk voortkom soos die lig. Dan sal die kwaad wat gely is, herstel word. In die lig hiervan is die wederkoms van Christus vir die gelowiges 'n oorsaak van veel troos en bemoediging.

5. Dat hier spesiaal vermeld word dat Christus sal kom om te oordeel *die lewende en die dode*, hang daarmee saam dat die Bybel leer dat die wederkoms van Christus sal plaasvind wanneer daar mense nog lewe op die aarde, terwyl ander reeds gesterf het, maar dat die oordeel tog gelykelyk oor almal sal plaasvind. Paulus vermeld dat diegene wat reeds ontslaap het, saam met Christus op die wolke van die hemel sal kom en dat hulle op dié wyse teenwoordig sal wees by die oordeel (vgl. 1 Thess. 4:13 e.v.). Op 'n ander plek vermeld hy weer dat die gelowiges wat nog op die aarde lewe, in 'n oomblik van die tyd verander sal word, sodat ook hulle in dieselfde gedaante as die ontslapenes voor die regterstoel van Christus sal verskyn (1 Kor. 15:51-52). Daarom sluit hierdie artikel aan by die artikel oor die opstanding van die vlees en moet daardeur aangevul word.

ARTIKEL VIII

EK GLO IN DIE HEILIGE GEES.

1. Met die belydenis aangaande die Heilige Gees kom ons by die laaste deel van die beantwoording van die vraag *wie God is*. Ons het tevore reeds opgemerk dat die Heilige Gees één van die Heilige Drie-eenheid is. Daaruit is dit duidelik dat die Heilige Gees ook één wese met die Vader en Seun is. Daaroor laat die Skrif geen twyfel nie.

Die Heilige Gees heet die Gees van God (talle plekke in die Bybel, vgl. 'n konkordansie) wat werksaam was in die skepping (Gen. 1:2) en in die herskepping (Joh. 3). Aan die Gees word goddelike eienskappe toegeskryf (1 Kor. 12:11, Hebr. 9:14) en van die Gees word gesê dat Hy die dieptes van God ondersoek (1 Kor. 2:10-11), en dat Hy van die Vader uitgaan (Joh. 15:26), dat miskening van die Gees ook miskening van God is (Hand. 5:3, 4; 1 Kor. 3:16 e.v.). Die sonde teen die Heilige Gees heet onvergeeflik (Matt. 12:31, 32). As die Gees in die gelowiges is, heet hulle 'n tempel van God (1 Kor. 3:16, ens.). Ook heet die Gees die Gees van Christus (Gal. 4:6, Fil. 1:19, 1 Petr. 1:11, Rom. 8:9). Tussen Christus en die Heilige Gees bestaan daar die allerinnigste verbondenheid (2 Kor. 3:17), hoewel die Skrif hulle tog duidelik van mekaar onderskei. Die Heilige Gees was werksaam by die geboorte van Christus (Matt. 1:18), en het Hom dwarsdeur Sy loopbaan op aarde vervul en bekwaam gemaak vir Sy amp (Luk. 3:22, 4:1, ens.). Die kerk bely dan ook dat die Gees eweneens van die Seun uitgaan, netsoos van die Vader. Christus doop met die Heilige Gees (Joh. 1:33) en op Sy gebed en na voltooiing van Sy arbeid word die Gees in die wêreld ingestuur (Joh. 14:16, Joh. 16:7).

2. Die besondere van die werk van die Heilige Gees is dat Hy *in* die gelowiges werk en woon. Terwyl ons kan sê dat die Vader God **VIR** ons is, en dat die Seun God **MET** ons is, is die Heilige Gees God **IN** ons. Só groot is die liefde van die Vader, dat Hy Sy Seun gee om ons vlees en bloed aan te neem en tot by ons te kom, maar nog meer: dat Hy Sy Gees gee om tot in ons te kom en in ons te woon (1 Kor. 3:16). Groter neerbuiging van God tot die sondige mens is nie denkbaar nie. Die ewige en almagtige God woon in die harte van sondaars.

Die werk van die Heilige Gees bestaan daarin dat Hy aan die mens subjektief dié dinge deelagtig maak, wat Christus as Middelaar vir hom verkry het. In werklikheid maak Hy die mens Christus en al Sy weldade deelagtig. Hy is dit wat die mens wederbaar (Joh. 3:8), dit is: die nuwe lewe in hom opwek, sodat hy tot die geloof in Christus kan kom en homself kan bekeer. Die hele werk van die innerlike vernuwing van die mens, word dan ook aan die Heilige Gees toegeskrywe (1 Kor. 6:11). Dit is Hy wat die mens na Christus lei en die mens leer om op Christus te vertrou. Dit is Hy wat in die gelowige woon en so die vrug van die Gees in hom tot stand laat kom (Gal. 5:22).

Al wat dan ook verder in die Twaalf Artikels bely word – die kerk, die vergewing van sondes, die wederopstanding van die vlees en die ewige lewe – word deur die Heilige Gees uitgewerk in die lewe van die gelowiges. Niemand kan iets van die werk van Christus deelagtig word nie, behalwe deur die Heilige Gees (1 Kor. 12:3). Die Gees maak ons kinders van God, deurdat Hy ons deur die geloof aan Christus verbind (Rom. 8:8-17). Werklik: alleen deur God kan ons God leer ken en aanbid.

3. Wanneer ons só spreek oor die Heilige Gees wat subjektief in die gelowiges die verlossing bewerk, beteken dit nie dat die Heilige Gees hulle dwing om te glo ens. nie. Wel bely die kerk dat die werking van die Heilige Gees *onwederstandelik* is, dit is: dat die Heilige Gees uiteindelik oorwin in die harte en lewens van diegene wat Hy wil opwek tot die geloof. Maar die Bybel weet tog ook daarvan dat die Heilige Gees weerstaan kan word deur diegene wat in hulle ongeloof volhard (Hand. 7:51) en dat Hy bedroef kan word, selfs deur die gelowiges (Ef. 4:30). Daar is dus tussen die Heilige Gees en die gees van die mens 'n kontak waarin die Gees die mens aanspreek en die mens moet reageer. Diegene wat tot die geloof kom, ondervind dan ook die sagte en liefdevolle oorreding van die Heilige Gees wat met Sy oortuigingswerk in hulle besig is (Joh. 16:8). Sy leiding in die lewens van die gelowiges kan deur hulle geken en onderskei word. Aan die ander kante is dit egter moontlik om in verzet teen die Heilige Gees te kom, om Hom te versoek (Hand. 5:9), vir Hom te probeer lieg (Hand 5:3), om Hom te smaad (Hebr. 10:20), om Sy waarskuwinge te verag (Neh. 9:30) en om die Gees selfs uit te blus, dit is: Sy werkinge radikaal teen te gaan (1 Thess. 5:19). Die eindpunt van die verzet teen die oorredende werking van die Heilige Gees is die lastering teen die Heilige Gees, wat deur Christus onvergeeflik genoem word (vgl. Matt. 12:31, 32; Mark. 3:29, Luk. 12:10). Die lastering teen die Heilige Gees (of in die algemeen: die sonde teen die Heilige Gees) is nie 'n daad wat in onwetendheid verrig kan word nie, en die vrees wat talle gelowiges soms het dat hulle moontlik die onvergeeflike sonde begaan het moet dan ook meestal aan onkunde toegeskryf word. In werklikheid bestaan die lastering teen die Heilige Gees in die opsetlike verwerping van die genade van God en die toeskrywe van die werk van God aan die Bose, asof die werk van God die werk van die Bose sou wees. Dit is 'n toestand van die mees volhardende en opsetlike verwerping van die oorredende werking van die Heilige Gees wat denkbaar is, en kan nie verrig word nie, behalwe deur diegene wat ten enemale besluit het dat hulle die genade van God nie meer wil deelagtig wees nie. Dat dié sonde

onvergeeflik is, hang dan ook daarmee saam dat dit verrig word in 'n situasie waar die persoon geen vergiffenis meer wil hê nie. Daarom is dit nie in stryd met die uitnodiging wat in die Skrif so duidelik gegee word, dat elkeen wat die vergiffenis soek, dit ook werklik sal ontvang nie (Vgl. 1 Joh. 1:9). Wie nog vrees vir die sonde teen die Heilige Gees, mag vrywel daarvan verseker wees dat hy dié sonde nog nie begaan het nie. Intussen is dit egter ook duidelik dat die Heilige Skrif almal wil waarsku om hulle nie teen die werk van die Heilige Gees in hulle te verset nie, omdat die weerstand teen die Heilige Gees wat in ons almal voorkom, tog maar net die kiem is wat uiteindelik kan ontwikkel tot die blatante lastering van die Heilige Gees as dit nie bely en deur die Gees in ons oorwin word nie.

4. Ten slotte moet hier ook net opgemerk word dat dit die beste is om hier, waar oor die Heilige Gees gesprek word, die leer van die uitverkiesing ter sprake te bring. Seker, die uitverkiesing is die werk van die Drieënige God en dit beteken dat die Vader sommige aan Christus gee, wat op hulle beurt deur die Heilige Gees na Christus getrek en aan Hom verbind word (vgl. Joh. 6:37, 39, 65). Die uitverkiesing word dus in die loop van die geskiedenis gerealiseer deurdat die Heilige Gees diegene wat deur die Vader verkies is, na Christus trek. Anders sou dit ook onverklaarbaar wees dat alleen sommige die Woord van die verkondiging aanneem, en ander nie. Die hardheid van die leer van die uitverkiesing verdwyn dadelik as ons nie daaraan dink op 'n deterministiese manier nie, maar as ons daaraan dink as die liefdevolle daad van die Drieënige God wat mense, wat dit hoegenaamd nie verdien nie en ook geen lus daartoe sou hê om uit hulleself na Christus te kom nie, innerlik vermurwe deur die werking van die Heilige Gees en só hulle die ewige lewe onverdiend deelagtig maak.

ARTIKEL IX

EK GLO AAN 'n HEILIGE, ALGEMENE, CHRISTELIKE KERK DIE GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES.

1. Dit is sinvol dat die eerste belydenisuitspraak na dié oor die Heilige Gees, oor die kerk handel. Die groot daad van die Heilige Gees in die wêreld is die toebereiding van die kerk. Immers, die kerk is niks anders nie, as die nuwe mensheid wat tot stand kom deur die verlossingswerk van Christus. Die liefde van God tot die wêreld beteken dat Hy vir Hom volk uitverkies het in Christus (Ef. 1:4). Christus as die

Middelaar en Hoof van die nuwe volk van God, die gemeente, het die versoening vir hulle bewerk. Die Heilige Gees tree op om hierdie nuwe volk van God te versamel uit alle volke, nasies en tale (Open. 7:9) en hulle saam te voeg in die één liggaam van Christus, die kerk. Ons kan dus sê dat die kerk bestaan uit almal wat in Christus verlos is, almal wat deur die Heilige Gees wederbaar en aan Christus verbind is met 'n ware geloof.

In hierdie verband is dit sinvol om te wys op die betekenis van die woord *kerk*. Dit is na alle waarskynlikheid afgelei van die Griekse woord *Kuriaké*: dit wat aan die Here behoort. En inderdaad, die kerk kan in die lig van die belydenis van die Christendom niks anders wees nie, as die eiendom van die Here. Die Griekse woord vir kerk is *ekklesia*, wat weer beteken: die vergadering van diegene wat uitgeroep is, byeengeroep is. Treffend is in hierdie verband wat in 1 Petr. 2:9 oor die kerk gesê word, dat dit 'n uitverkore volk en 'n heilige priesterschap is, *uitgeroep* uit die duisternis na die wonderbare lig. Wat dus ook nog meer van die kerk gesê kan word, één ding is duidelik, en dit is dat die kerk die produk is van die werk van die Drieënige God in die wêreld, en dat dit daarom geheel-en-al aangewese is op God. Dit is nie 'n menslike organisasie of beweging van eie oorsprong nie (al het die kerk ook uiteraard sy menslik-organisatoriese kant). Dit is 'n stigting van God en die eiendom van God.

Die kerk word in die Bybel met verskillende name aangedui, soos bv. die volk van God, die liggaam van Christus, die bruid van Christus, die bouwerk van God, die akker van God, die tempel van God. Die bedoeling van al hierdie benaminge is om daarop te wys dat die kerk nie die produk van menslike inspanning is nie, maar die werk van God. Die kerk behoort aan Christus, staan onder Sy heerskappy en moet in alles aan Hom onderworpe wees.

Dit is dan ook net duidelik waarom ons aan die kerk moet glo. Die kerk is iets anders as wat sigbaar aan hom gesien kan word. Hy het 'n werklikheid wat alleen in die geloof vatbaar is. Die geloof aan die kerk moet intussen duidelik onderskei word van die geloof in die Drieënige God. By die geloof in God gaan dit daarom dat die mens sy ganse vertrouwe op God plaas en hom volkome op God verlaat. By die geloof aan die kerk is dit anders. Die mens verlaat hom nie op die kerk nie. Hy stel nie sy vertrouwe in die kerk nie. Sy geloof aan die kerk beteken niks meer nie as sy vertrouwe op die werk van God, dat dit in hierdie wêreld nie sonder vrug kan wees nie, maar tot gevolg sal en moet hê die bestaan van die kerk.

2. In die Twaalf Artikels word daar 'n aantal eienskappe van die kerk genoem: één, heilig, algemeen en Christelik. Die *eenheid* van die kerk is uit die aard van die saak in die eerste plaas 'n geestelike eenheid: die kerk het maar één Vader, één Here en één Heilige Gees wat alle gelowiges saam verbind (vgl. 1 Kor. 1:10-13; Ef. 4, ens.). As die huisgesin van die geloof, is die kerk wesenlik één, omdat dit die Persoon van die Heilige Gees is wat in al die lede van die kerk woon en werk en in en deur Sy Persoon die lede van die kerk onderling verbind tot 'n lewende eenheid (vgl. 1 Kor. 12:13). Hierdie geestelike eenheid verplig die lede van die kerk tot onderlinge gemeenskap. Die liefde tot die broeders en susters moet uitmond in dae van liefde, wedersydse aanvaarding van mekaar, wedersydse opbou van mekaar in die geloof, die dra van mekaar se laste, ens. Nie verniet heet die kerk dan ook *die gemeenskap van die heiliges* nie. Die innerlike geestelike eenheid van die kerk moet openbaar word in 'n onderlinge eensgesindheid en wedersydse diens, sodat die wêreld hierdie liefde en onderlinge eenheid van die gelowiges kan sien en daardeur beweeg kan word om in Christus te glo (vgl. Joh. 17:20-23, Fil. 2:4-8 Fil. 3, Ef. 4 en talle plekke meer). Op grond hiervan is dit duidelik dat die eenheid van die kerk nie maar verstaan mag word as 'n geestelike, onsigbare eenheid wat niks te make het met die sigbare verskeurdheid en verdeeldheid van die kerk nie. Die innerlike eenheid verplig die kerk om te soek na 'n wedersydse gemeenskap en 'n eenheid wat merkbaar is en betekenis het. Natuurlik kan dit nie beteken dat onderlinge verskille, veral waar dit oor die vraag na die waarheid gaan, geïgnoreer moet word, of dat 'n valse eenheid gesoek moet word waar 'n ware innerlike eenheid ontbreek nie. Daar moet in die eerste plek gesoek word na die innerlike eenheid; maar waar dié aanwesig is, moet die eenheid van die kerk ook sigbaar gemaak word.

Die *heiligheid* van die kerk is die heiligheid van Christus wat die kerk, toegereken word. Netsoos in die geval van die eenheid van die kerk, kan daar maar min van die heiligheid van die kerk gesien word. Maar die kerk moet in die geloof vashou aan die feit dat Christus sy heiligheid is, en terselfdertyd elke dag opnuut daarna strew om meer en meer dié heiligheid te openbaar.

Die kerk heet *algemeen*, omdat die kerk nie net vir één volk of groep daar is nie, maar vir die hele wêreld en omdat die kerk nie maar 'n gedeelte van die waarheid bely nie (dit is sektaries), maar die volle waarheid van Gods Woord.

Die kerk heet *Christelik*, omdat dit geheel-en-al op Christus aangewese is. Die kerk is gekoop deur Sy bloed en behoort geheel aan Hom, word deur Hom regeer en tot voleinding gevoer.

3. Dit is hier noodsaaklik om ook 'n paar woorde oor die sigbare gestalte van die kerk te sê. Indien dit waar is, soos ons in die bogaande deurgaans betoog het, dat die kerk die gemeenskap is van mense wat deur die Heilige Gees na Christus getrek is, met die gawe van die geloof begiftig is en in 'n hegte innerlike gemeenskap saam verbind is, dan is dit ook verstaanbaar dat die kerk tog 'n sigbare verskyningsvorm of gestalte in die wêreld moet hê. Mense is tog sigbaar, hulle onderlinge gemeenskap is tog sigbaar, hulle saamkoms om die Here te aanbid en Sy Woord te verkondig, is tog sigbaar. Die kerk moet dus ook 'n tasbare en konkrete vergadering van mense wees wat ek êrens kan vind. Inderdaad, die Bybel laat dit dan ook só sien. Die Nuwe Testament het hier egter 'n besondere gesigspunt wat nie misgekyk moet word nie, naamlik dat die kerk altyd dáár sigbaar en tasbaar word, waar mense rondom die bediening van die Woord en die sakramente saamgetrek word. Dáár gebruik die Gees die prediking van die Woord om die geloof in mense se harte te werk, en dáár word die gemeente dus as't ware telkens weer opnuut uit die Woord gebore en deur die Woord gevoed. Daarom lê daar in die Nuwe Testament ook so 'n sterk klem op die *plaaslike* gemeente, wat in die Nuwe Testament gewoonweg met dieselfde woord genoem word as die kerk van Christus wat oor die hele aarde versprei is, naamlik: kerk. Die plaaslike kerke op al die verskillende plekke is die sigbare verskyningsvorm van die één heilige, algemene kerk van Christus. Daarom spreek dit ook vanself dat die plaaslike kerke sal verstaan dat hulle almal aan mekaar behoort, mekaar se lede is en dus ook mekaar behoort te dien. Só ontstaan die noodsaaklikheid van 'n vorm van organisasie waarin die plaaslike kerke kan saamkom vir gemeenskaplike beraad en besluite wat almal gesamentlik raak. In sulke vergaderinge, waarin die plaaslike kerke saamkom, kan hulle mekaar dien, nie alleen met gawes nie, maar ook met onderlinge raad en tug, sodat die beswil van die geheel bevorder kan word. Die geheel van sulke plaaslike gemeentes wat saamverbind is in één organisatoriese geheel word dan ook meermale eenvoudig “kerk” genoem, omdat dit die uitdrukking vorm van die algemene Christelike kerk.

5². In ons gebroke werklikheid is dit nou egter waar dat daar nie net één vergadering van mense is wat hulleself die kerk van Christus noem nie.

52 /....

² In die oorspronklike manuskrip ontbreek punt 4.

Daar is selfs 'n duisternis van sulke groepe. Dit moet as 'n resultaat van die *sonde* beskou word. Christus kan tog nie meer as één liggaam hê nie. God kan nie meer as één kerk hê nie. En inderdaad, God het ook net één kerk, maar deur die sonde het dit so geword dat dié één kerk, verborge geraak het agter die veelheid van kerke en groepe waarin daar ongetwyfeld oral iets van die kerk oorgebly het – by die een meer, by die ander minder. Maar die klaarblyklike gevolg daarvan is dat daar 'n groot onderskeid gekom het tussen wat die kerk onsigbaar en geestelik is (die gemeenskap van diegene wat deur die Heilige Gees tot Christus getrek is) en wat die kerk sigbaar op aarde is ('n veelheid van kerke en kerkies, groepe en groepies wat daarop aanspraak maak om die ware kerk van Christus te verteenwoordig). Die probleem dat die sigbare en onsigbare werklikheid van van die kerk mekaar nie dek nie, is vir die Christendom 'n geweldige probleem, want dit is goed moontlik dat talle mense uitwendig aan die kerk kan behoort en as lidmate van die sigbare kerk kan tel, terwyl hulle innerlik tog nie aan Christus behoort nie. So is dit ook goed moontlik dat die kerk se uiterlike verskyningsvorm deur die sonde só verskeurd kan wees, omdat talle faktore wat met die evangelie niks te maak het nie, of waarin die evangelie verkeerd verstaan is, of waarin die evangelie selfs doelbewus onderdruk word, daartoe meewerk dat die kerk sigbaar verdeeld en verskeurd bly ten spyte van sy onsigbare eenheid in Christus. Dit is seker die plig van die kerk om daarna te strewende dat die sigbare werklikheid van die kerk so ver as moontlik aan sy onsigbare werklikheid moet beantwoord. Daarom moet 'n kerk nie alleen die tug uitoefen nie, sodat gewaak kan word dat die kerk self so suiwer as moontlik werklik kerk is nie, maar moet die kerke ook daarna strewende om mekaar steeds beter te verstaan, struikelblokke uit die weg te ruim, gemeenskaplik die waarheid te soek en só steeds meer en meer te kom tot hulle ware innerlike eenheid. Hoe nader elke kerk aan Christus groei, hoe nader sal die verskillende kerke aan mekaar groei.

6. Die feit van die verskeurdheid van die kerk het dit noodsaaklik gemaak om te vra: Waar moet ek nou in die veelheid van kerke die ware kerk kry? Laat ons dadelik sê dat geen kerk daarop aanspraak kan maak dat hy alleen die enigste ware kerk is nie, want in elke kerk is daar nog soveel onsuivere elemente, dat hy met die grootste bescheidenheid oor homself moet dink en spreek, en met die grootste nederigheid moet erken dat daar ook elders trekke van die ware kerk gevind kan word. Terselfdertyd is dit ook waar dat geen kerk in volstrekte sin 'n valse kerk kan heet nie, want selfs in die mees vervalde kerk is daar nog trekke van die Christelike kerk oor.

Dit is dus nie moontlik om sommer as't ware na 'n winkel te stap om die ware kerk te koop nie. Tog is dit terselfdertyd waar dat daar kerke is wat meer trekke van die ware kerk vertoon as andere. Die kerkhervormers het dan ook bepaalde kenmerke van die ware kerk opgesom as 'n leidraad wat deur die gelowiges hanteer kan word met die oog op die vraag of hulle hul nog by die ware kerk bevind. Hulle het veral drie kenmerke van die ware kerk opgenoem: waar die evangelie suiwer gepreek word; waar die sakramente bedien word volgens die instelling van Christus, en waar die kerklike tug toegepas word. Dit is sonder meer duidelik dat al drie hierdie kenmerke saamgevat kan word in die één kenmerk, naamlik waar die Woord van God tot sy regkom. Die gelowige het 'n plig om homself voortdurend af te vra of die Woord van God in sy kerk tot sy reg kom. Natuurlik sal daar in elke kerk plekke, tye en gevalle wees waar die Woord van God nie tot sy reg sal kom nie. Dan moet hy daarteen beswaar maak en daarvoor stry dat die kerk suiwer volgens die Woord van God moet lewe en doen. Hy moet nie te gou besluit dat hy maar liever die kerk waaraan hy behoort, moet verlaat om hom elders te voeg nie, want ook dáár waar hy heengaan, sal alles nie volgens die Woord wees nie. Daar is egter so-iets as 'n grens. Wanneer die kerk só gedeformeer raak, dat die Woord van God geen kans meer het om daar tot sy reg te kom nie, mag die gelowige hom daarvan losmaak en hom elders gaan voeg waar hy daarvan oortuig is dat die Woord daar veel meer tot sy reg kom en dat die openheid vir die Woord van God nog daar bestaan.

7. Ten slotte is dit goed om ook die aandag daarop te vestig dat dit in ons tyd steeds beter verstaan word dat die kerk nie daar is ter wille van homself nie, maar ter wille van Christus en die Koninkryk van God. Daarom behoort dit tot die wese van die kerk dat hy ook op die wêreld gerig moet wees en daarna moet strewe om voortdurend die Koninkryk van God in die wêreld te dien.

Die “gestuur-wees” van die kerk behoort tot sy wese (Joh. 20:21). Indien die kerk sou ophou om te lewe vir die sending en die evangelisasie, dit is: vir die uitbreiding van Gods Koninkryk, sou die kerk ophou om kerk te wees. In hierdie verband dien ook daarop gelet te word dat die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag kennelik nie die betekenis gehad het dat die Heilige Gees op Pinksterdag vir die eerste keer op aarde begin werk het nie.

Nee, niemand kan tot die geloof kom, behalwe deur die Heilige Gees nie. Ook in die Ou Verbond was die Heilige Gees reeds werksaam op aarde.

Wat egter gebeur het op Pinksterdag is dat die Heilige Gees intrek geneem het in die kerk ten einde aan die kerk die krag te verleen vir die groot taak om getuienis van Christus op aarde te wees (Hand. 1:8). Daarom ook die teken van die vurige tonge en die spreek in allerlei tale, as aanduiding dat die kerk van die Nuwe Verbond 'n getuigende en sprekende kerk moet wees, sodat die ryke oes van die Koninkryk ingesamel kan word voor die wederkoms van Christus.

In hierdie verband moet dan daarop gelet word dat die Heilige Gees verskillende gawes in die gemeente uitdeel. Elke lid ontvang sy besondere gawe en is verplig om daarmee te woeker met die oog op die verbreiding en opbou van die Koninkryk van God. Tussen dié gawes is daar sommige wat mense bekwaam tot die besondere ampte van bedienaars van die Woord, herders en opsigters, diakens ens., maar daar is ook dié wat mense bekwaam tot die “amp van die gelowiges”, dit is die ampte van voorbidding in die gemeente, onderlinge hulp en vermaning en diens, getuienis teenoor almal met wie hulle in aanraking kom ens. Op dié manier is die gemeente 'n organiese geheel waarin elke lid bydra volgens die gawes wat hy ontvang het, tot die opbou van die geheel (vgl. Ef. 4, 1 Kor. 12 ens.). Op die vraag watter besondere ampte daar in die kerk moet wees, gaan ons hier nie verder in nie. Dit het in die loop van die tyd in die kerk gewissel en kan moontlik ook nog weer wissel. Hoofsaak is dat daar drie dienste is wat in die kerk voortdurend onderhou moet word: die diens van die prediking, die diens van opsig en tug, en die diens van barmhartigheid. Aan watter ampte hierdie dienste presies toevertrou word, is nie die hoofsaak nie. Maar daardie ampte moet onthou – dit is die gewigtige – dat dit eintlik Christus is wat die Groot Ampsdraer in Sy kerk is en dat alle dienswerk in die kerk alleen in gehoorsaamheid aan Christus verrig sal moet word, wat konkreet beteken: in onderworpenheid aan die Woord van God. Waar dit ontbreek, word elke stelsel van kerkregering en organisasie vals; waar dit aanwesig is kan daar moontlik op allerlei wyse onderlinge verskille tussen die kerke bestaan, sonder dat dit die wesenlike van die kerk sal aantast.

ARTIKEL X

DIE VERGEWING VAN SONDES.

Dit is tiperend van die Twaalf Artikels dat dit uiters sober is in wat bely word. Dit spreek ook weer duidelik uit die belydenis van die vergewing van die sondes, waarmee eintlik die hele subjektiewe verlossing van die mens aangedui word.

Ons hoor geen woord van die wedergeboorte, geloof, bekering ens. van die mens nie. Al wat vermeld word, is wat God aan ons doen: Hy vergewe ons. Maar in dié daad van vergiffenis van Gods kant is dan ook alles opgesluit wat die mens vir sy verlossing nodig het. As God die mens vergewe, herstel Hy hom daarmee volkome in Sy gemeenskap en deel hom alles mee wat noodsaaklik is vir die ewige heil (vgl. die gelykenis van die verlore Seun wat by sy terugkeer alles van die Vader ontvang). Terselfdertyd moet nou egter ook gesê word dat geen mens die vergewing van sy sondes deelagtig kan word, sonder wedergeboorte, geloof, berou, bekering nie.. Daarom kan ons met reg sê dat hierdie eenvoudige belydenis eintlik alles behels wat gewoonlik onder die heilsorde verstaan word.

Aangesien daar ook nêrens op 'n ander plek uitdruklik oor die sonde gespreek word nie, moet die onderwyser hierdie artikel gebruik as 'n geleentheid om oor die *sonde* te praat. Ook is dit duidelik dat daar nie op 'n juiste wyse oor die sonde gepraat kan word, sonder om, ten minste sydelings, iets oor die wese van die mens te sê nie. So is dit dat hierdie artikel as aanknopingspunt kan dien vir 'n halwe dogmatiek! Omdat die stof só omvangryk is, doen ons aan die hand dat die volgende beklemtoon word:

- (i). Met die begrip *sonde* word eintlik die ganse ellende van die menslike lewe aangedui. Onder sonde moet verstaan word die oortreding van Gods wil soos dit tot uitdrukking kom in die Wet van God. Daarom word dit ook veelal aangedui as rebellie of opstand teen God, verwerping van Gods gesag. Agter dié opstand teen God sit 'n mag wat ons in die verkeerde rigting trek: sonde is méér as 'n daad teen Gods gebod, of talle dade teen Gods gebod. Sonde is 'n mag wat ons oorheers en innerlik só besmet, dat ons nie anders kan as om teen God in opstand te lewe nie. Sonde is die verkeerde lewensrigting van die mens, die vlug weg van God af. By die een persoon kom dit meer op hierdie wyse, by die ander meer op daardie wyse tot openbaring. Daar is dan ook groot verskille tussen die uiterlike stand van mense se lewens: die een gooi sy lewe in gruwelikhede weg, die ander lewe mooi en ordentlik. Maar diep-in is daar tog geen onderskeid nie: by albei heers die innerlike mag van die sonde wat die mens wegtrek van God af, albei is sondaars, omdat albei se wil weggebui is van God af en op hulleself gerig is.

Die diepste kern van die sonde bestaan daarin dat die mens, in plaas daarvan om God lief te hê, homself ontsaglik liefgekry het. Die rigting van sy lewe is dus altyd weer op homself gerig. Of hy daarby gruwelik of mooi lewe, godsdienstig of ongodsdienstig optree, maak nie soveel verskil nie: in laaste instansie dien hy homself en vereer hy homself. God en medemens word gebruiksvorwerpe en middele om homself mee te verheerlik. Daarom sê die Bybel dat daar geen onderskeid tussen die mense is nie, maar dat almal gesondig het en die heerlijkheid van God mis (vgl. Rom. 3:9-24). Dit is moontlik om dom en rof te sondig, maar ook geraffineerd en stylvol. Dit is moontlik om op 'n openlike, wêreldse manier te sondig, selfs op 'n brutale manier, maar dit is net so moontlik om op 'n verborge, religieuse manier te sondig – en dit is byna satanies. 'n Mens kan die beste vir God wegvlug deur naby aan die lig te die skuil: in die religie. Geen wonder dat Christus veel meer woorde van veroordeling vir die geveinsde godsdienstige mens gehad het, as vir die brutale tollenaar en sondaar nie! Die vraag of hierdie of daardie daad sonde is, is dus nie altyd so maklik te beantwoord nie, want wél is dit duidelik dat geen daad wat teen Gods Wet ingaan, ooit goed kan wees nie, maar baie dade wat uiterlike ooreenstemming met die Wet vertoon, kan ook sonde wees. Die beslissing val dus in laaste instansie in die innerlike: is wat gedoen word, vir God gedoen, of nie?

(ii) Sonde bring *skuld* mee. Waarom? Omdat die mens verantwoordelik is voor God vir wat hy met sy lewe maak. Hier word dit dus noodsaaklik om in te gaan op die vraag *wie die mens is*. Die lewelose dinge en die diere ken nie so-iets as sonde of skuld nie. Slegs die mens is 'n sondaar en daarom skuldig voor God. Dit kom daarvandaan, dat die mens *na die beeld van God geskape is*. Dit beteken: die mens is in verhouding tot God geskape, soos Ef. 4:24 ook van die nuwe mens sê dat hy “Na God” geskape is, “in ware kennis van God, geregtigheid en heiligheid”. Al hierdie begrippe dui die feit aan dat die mens alleen dan aan sy eie wese beantwoord, as hy in die juiste verhouding tot God staan. Die juiste verhouding tot God sluit egter in homself ook die juiste verhouding tot die naaste in (Joh. 4:7 e.v.). Daarom is die dubbelgebod van die liefde eintlik vir ons die aanduiding van wat die mens volgens Gods plan moet wees: iemand wat weg van homself af lewe, in volkome liefde tot God en die naaste (vgl. Matt. 22:37-40). Dit klop met die feit dat God liefde is en in Sy heilige Drie-eenheid in die ewige salige gemeenskap van die liefde verkeer. Soos die liefde die vervulling van die ganse Wet is, is die bestaan-in-die-liefde tot God en die naaste die wese van

die ongeskonde mens. Waar die liefde is, is die geregtigheid en die heiligheid, maar nêrens anders nie (vgl. 1 Kor. 13). Na hierdie beeld het God die mens geskape, maar deur die sondeval het hy in 'n karikatuur verander. Natuurlik kan hy nie wegkom van God en die naaste nie. Ook as sondaar is die mens verplig om in hierdie relasies te bly lewe. Maar: die relasies is totaal skeefgetrek, omdat die mens 'n verkeerde relasie tot homself gekry het. Die liefde vir homself verdring alle liefde tot God en die naaste.

Ook wat nog van liefde tot God en die naaste oorgebly het, is van karakter verander en is tans 'n vorm van verkapte selfliefde: ek het lief solank en omdat ek bemin en gehelp word. Met reg kan gesê word dat die mens innerlik in die teendeel verander is van wat hy moes wees: in plaas van liefde is hy geneig om God en die naaste te haat.

Die mens word daarvoor verantwoordelik gehou. Dit is wel waar dat alle mense na Adam nie gesondig het in die gelykheid van Adam nie (Rom. 5:14) omdat Adam die hoof van die mensheid was en vir die hele mensheid die keuse gedoen het, terwyl alle ander mense nie weer voor dieselfde keuse staan nie maar hulleself reeds vind as mense vir wie die keuse klaar gedoen is. Dit onthef hulle egter nie van hulle verantwoordelikheid nie, want op een of ander manier was hulle tog in Adam begrepe en was sy keuse eksistensiële die keuse van die hele mensheid. Niemand van ons sou anders gekies het nie. Geestelik kies ons presies, en sal ons altyd kies soos Adam gekies het. Daarom reken God die hele mensheid die skuld van Adam se daad van ongehoorsaamheid toe en deel die hele mensheid ook in die smet wat die gevolg is van die sonde: die innerlike verwonding van die mens se hart, die neiging tot die kwade.

(iii) Op die sonde het die *straf* gevolg. Dit bestaan nie slegs daarin dat God die ganse menslike geslag laat deel in die skuld en die smet van die sonde wat Adam namens hulle verrig het en waaruit soveel kwade vrugte voortkom nie, maar dat God ook op die mensheid die lyding, die dood en die heerskappy van die satan losgelaat het. Daaroor kan die onderwyser volledige inligting uit elke handleiding put. Vir ons doel hier is dit voldoende om te sê dat al die ellende en ongeluk van die menslike lewe die gevolg en die straf op die sonde is. Die dieptepunt daarvan is die ewige dood, die ewige verderf, weg van die aangesig van God. Maar ook in hierdie lewe manifesteer die straf op die sonde hom in die heerskappy van die sonde in mense se lewens, in die werksaamheid van satan en sy bose geeste in allerlei strominge en dwalinge van die

menslike gees. Daar kan feitlik geen groter straf op die sonde wees nie, as dat God die mens “oorgee” en “loslaat” om te doen wat hy in sy sondige hart bedink en waartoe die satan hom verlok (vgl. Rom. 1:18, 24, 28).

(iv) En wat beteken in hierdie verband dan die *vergewing* van die sondes? Dit beteken dat God Christus se volkome genoegdoening en geregtigheid aanvaar en die mens toereken, en dat Hy op grond daarvan die mens die skuld en die straf kwytsteld, maar boonop ook nog die mens bevry van die mag van die sonde wat andersins in sy lewe sou voortwoeker om die ongeluk blywend op hom te laat. Ons kan dus sê dat die vergewing van sondes insluit die *regverdiging*, *heiliging* en *verheerliking* van diegene wat in Christus glo. God doen geen halwe werk nie. Lees maar Rom. 8:29-30. Dit is seker nie nodig dat ons hierop verder hoef in te gaan nie, omdat die onderwyser daarvoor genoegsaam inligting in enige handleiding kan kry.

(v) Hoe word die mens nou egter die vergiffenis deelagtig? Die Bybel leer dat dit alleen ontvang kan word in die weg van berou oor die sonde en die belydenis van die sonde voor God (vgl. Ps. 32, 2 Sam 12, 1 Joh. 1:9, ens.).

Berou en belydenis is egter altyd die vrug van die werking van die Heilige Gees in die hart van die mens. In homself is die mens *dood* in die sonde en misdade (Ef. 2:1) en totaal ongevoelig vir skuld oor sy sonde. Maar dan kom die Gees hom innerlik lewendig maak. Dit noem ons die wedergeboorte. Hierby word die verkondiging of die lees van die Woord van God meestal deur die Heilige Gees gebruik (1 Petr. 1:23). As eerste vrug van die wedergeboorte volg die geloof: die mens gaan sien dat Gods Woord waar is, dat hy verlore is, maar dat die belofte van vergiffenis ook aan hom gegee word. Dit wek in hom berou en belydenis maar ook die krag om te glo dat Jesus Christus ook vir hom gesterwe het en dat hy enkel deur die versoening van Christus verlos word (Rom. 3:23-24). Hy staan op en aanvaar dit: dit is die bekering. Hy draai daarmee weg van sy vorige weg waarop hy die sonde gedien het, en neem sy toevlug tot God. Nou kom die Heilige Gees in hom woon om hom hoe langer hoe meer te verlos van die mag van die sonde in hom en hom te vorm na die beeld van Christus (heiligmaking).

ARTIKEL XI

DIE WEDEROPSTANDING VAN DIE VLEES

1. Vanaf die vroegste tyd staan die belydenis van die geloof in die wederopstanding van die vlees in die Apostoliese Geloofsbelydenis, ongetwyfeld omdat dié waarheid in die Nuwe Testament so veelvuldig en uitdruklik geleer word. Hierdie belydenis vorm 'n integrale deel van die toekomsverwagting van die Christelike Kerk en hang ten nouste saam met wat tevore reeds gesê is oor die opstanding van Christus en veral oor Sy wederkoms om te oordeel oor lewende en dode. Hierdie artikels moet dan ook voortdurend in verband met mekaar geles en verstaan word. Soos wat die opstanding van Christus die grond is vir die opstanding van die gelowiges, is die wederkoms van Christus die grond van hulle ingang in die ewige lewe. Soos reeds opgemerk, hou die vergewing van sondes ook die uiteindelijke verheerliking van die verlostes in. In die laaste twee artikels word hiervan belydenis gedoen.

2. Die belydenis aangaande die wederopstanding van die vlees het alleen sin en betekenis teen die agtergrond van die belydenis van die erns en die vloek van die dood. Ons het reeds tevore opgemerk dat die dood gesien moet word as die straf op die sonde. Daarom is die dood vir die mens iets onnatuurliks en iets verskrikliks. Volgens die Bybel heet *die hele mens* vlees, dit is, verganklik, broos, sterflik omdat hy sondig is, Die Bybel spreek dan ook herhaaldelik daarvan dat die mens oorgegee is aan die verganklikheid. Alle vlees is soos gras en al sy aanvalligheid is soos die blom van die veld. Die mens se lewe gaan verby soos 'n gedagte (vgl. maar Ps. 90 en aanverwante plekke). Vir die Bybel is dit alles radikale en diepernstige werklikhede. Daarom is dit eintlik 'n onbybelse gedagte dat daar in die mens tog iets onsterflik sou wees, 'n onsterflike siel, wat aan die brand van die dood sou kon ontkom, omdat dit in sigself onsterflik sou wees. Dit is 'n Grieks-wysgerige gedagte met die bedoeling om die erns van die dood te versag en die mens te troos met die wete dat daar tog 'n goddelike vonk in hom is wat nie kan sterwe nie. Nee, volgens die Bybel is die mens na liggaam en siel sterflik. Alleen God besit onsterflikheid (1 Tim. 6:16). Hoe sou die mens ook onsterflik wees, as hy reeds dood is in sy sonde en misdade (Ef. 2:1)? – Wanneer die kerk nou teen die agtergrond van hierdie erns van die dood die opstanding van die vlees bely, dan word daarmee bedoel dat God mag het, óók oor die dood, en dat God in Sy almag die mag van die dood kan vernietig en aan die *vlees*, die swakke, brose, sondige vlees, 'n wederopstanding kan gee, 'n nuwe lewe, wat beteken dat die hele mens in sy ganse

bestaan as méns voor God gered sal wees. In die belydenis van die opstanding van die vlees gaan dit vir die kerk dan ook daarom om te beklemtoon, dat God die hele mens sal red, en nie net die siel nie; dat God ook die mens as 'n vleeslike stoflike wese, nie aan die verderf sal oorgee nie; dat Sy triomf in die verlossing van die mens te groot is, dat die liggaam van die mens onverlos sou bly en maar net die prys van die ewige straf sou moes betaal. Op grond van die opstanding van Christus bely die kerk dan ook dat God die dodes sal opwek en dat hulle in die ewige heerlikheid met liggaam en siel verheerlik sal wees. Die grond daarvoor lê dus nie in die geloof aan iets onsterflike in die mens self nie, maar in die geloof in die ewige krag van God self wat mag het oor die dood en sy vernietiging. God laat nie die liggaam van die mens los nie. Daarom is daar in die Christelike kerk ook geen ruimte vir 'n veragting van die liggaam of die liggaamlike nie. Na alle waarskynlikheid is hierdie skerp formulering (opstanding van die *vlees*) ook juis in die geloofsbelydenis geplaas om in te gaan teen elke poging om die liggaamlike van die mens tot iets onbelangriks of tot iets sondigs, en onverlosbaars te verklaar.

3. Daar bly in verband met die opstanding van die dode enkele vrae waarop ons net eenvoudig geen afdoende antwoord kan gee nie. Een daarvan is die vraag wat die posisie met die ongelowiges is. Van hulle spreek hierdie belydenis nie uitdruklik nie, omdat die belydenis van die opstanding van die dode in die Skrif gesien word as 'n troosvolle belydenis vir die gelowiges: hulle sal liggaamlik en geestelik met Christus verenig word deur die opstanding van die vlees. Aan die ander kant word daar tog ook gespreek van die opstanding van die goddeloses ter wille van die oordeel (Joh. 5 29). Ons moet dus glo dat ook die goddeloses liggaamlik opgewek gaan word, maar dat hulle opstanding uit die dode 'n ander karakter sal dra as dié van die verlostes. Hulle opstanding kan immers geen opstanding tot verheerliking wees nie, maar 'n opstanding tot veroordeling. Dit maak die afgrysligheid van hulle oordeel des te erger. Van 'n vernietiging van die ongelowige by sy dood kan daar dus ook geen sprake wees nie. God hou in Sy mag selfs die goddelose vas vir die dag van die oordeel.

'n Ander vraag waarop ons ewe moeilik kan antwoord, is die vraag hoe die opstanding uit die dode sal plaasvind. Rationeel is dit een van die moeilik dinge om te aanvaar. Hier sal ons egter gelowig moet aanvaar dat God wel die mag het om te sorg daarvoor dat elke mens sal opstaan met sy liggaam, al is dit in 'n totaal ander gedaante as wat sy liggaam hier gehad het.

Hier moet ons swyg voor die geheimenis. Paulus spreek van 'n geestelike liggaam wat opgewek sal word (1 Kor. 15), wat anders sal wees as liggaam wat ons tans het, maar in wese tog dieselfde. Ons sal daarby moet volstaan.

'n Derde vraag waarop ons eweneens moeilik kan antwoord, is die vraag na die tussentoestand, die tydperk tussen die dood en die opstanding van die vlees. Wat word in dié tyd van die gelowige? Volgens die Bybel kan daar geen sprake wees van 'n sieleslaap, dit wil sê, 'n toestand van slaap vir die siele tussen die tyd van die sterwe en die tyd van die opstanding nie. Wanneer die Bybel daarvan praat dat die gelowiges *ontslaap*, en wanneer Christus in Joh. 11 sê dat Lasarus slaap, bedoel dit glad nie dat die siel slaap nie, maar is dit uitdrukkings wat daarop wys dat die dood vir diegene wat in Christus sterwe, sy verskrikking verloor het en heeltemal 'n ander karakter dra as die dood in sy ganse naaktheid soos wat Christus dit as 'n vloekdood ondergaan het en soos die ongelowiges dit ook moet deurgaen. Juis met hierdie ánder karakter van die dood van die gelowiges hang dit saam dat hulle dood nie die ingaan is in die donker nag nie, maar in 'n toestand waarin hulle reeds deel in die heerlijkheid van Christus hoewel voorlopig. Daarom aanvaar die Christelike kerk ook dat die gelowiges dadelik by hulle dood reeds deel ontvang aan die heerlijkheid van Christus, maar slegs in voorlopigheid, tot op die dag van die wederkoms en die opstanding van die vlees (vgl. Fil. 1:23 en 3:21). Hoe ons ons dit alles moet voorstel kan nie gesê word nie, maar daar sal moet vasgehou word aan die werklikheid dat die Skrif ons leer dat die gelowige, hoewel nie onsterflik in homself nie, tog ook weer nie by die dood aan 'n vernietiging oorgegee word, waaruit hy later eers weer opgewek word nie. Nee, in die opstanding uit die dode is dit inbegrepe dat die lewe van die gelowige tussen sterwe en opstanding gekontinueer word in die aanskouing van die heerlijkheid van God.

ARTIKEL XII

EN 'N EWIGE LEWE

1 Die belydenis van die ewige lewe sien in eerste instansie op die werklikheid wat deur die kerk verwag word ná die Opstanding van die vlees. Dan sal alles terugkeer tot God en Hy sal alles in almal wees. Die verlostes sal ewig by die Here wees. Die werk van die Drieënige God in die skepping, onderhouding en verlossing van die mens het dan sy salige doel bereik en die vreugde van die hemelse bestaan sal so groot wees

dat dit deur geen pen beskryf kan word nie. Gewoonlik gebruik die Nuwe Testament allerlei beelde om die heerlijkheid van die ewige lewe enigsins te benader. Veral geliefd is die beeld van die hemelse feesmaal. Ons hoor ook van die nuwe Jerusalem, wat beskryf word in terme van 'n aardse stad ontleen, maar in die oneindige verheerlik. Dit is duidelik dat die menslike taal hier te kort skiet, en dat dit ook nie die bedoeling van die Heilige Skrif is om in besonderhede vir ons vatbaar die heerlijkheid van die ewige lewe te omskrywe nie. Lewe kan in elk geval nie beskryf word nie: dit kan alleen maar gelééf word. So sal dit ook met die ewige lewe wees. Maar in elk geval, wat daar ook van die ewige lewe in die hemelse heerlijkheid gesê kan word, één ding is duidelik, en dit is dat die wese daarvan sal bestaan in die feit dat die verlostes dan opgeneem is in die salige gemeenskap met God. God self is die heerlijkheid van die hemel, nie allerlei ander dinge nie. Daarom is dit eintlik ook verkeerd dat daar soveel verwagtings lewe oor die heerlike *dinge* wat in die hemel mag wees, onder andere die weersien van gestorwe geliefdes ens., terwyl die aandag afgetrek word van die sentrale, naamlik dat die hemel dit sal wees, dat mense genoeg sal hê aan God en aan Christus deur die Heilige Gees. Seker, daar is ruimte in die Christelike toekomsverwagting ook vir die hoop op die weerontmoeting met afgestorwe geliefdes maar dit moet 'n ondergeskikte plek inneem teenoor die geweldige heerlijkheid van die ontmoeting met God en die ongebroke wandel met God.

2. Naas hierdie sentrale werklikheid, dat die hemelse heerlijkheid samesyn met God sal wees, staan ook die tweede werklikheid waarvan die Bybel getuig, nl. dat die hemelse lewe ook 'n lewe sal wees sonder die besmetting van sonde. Dan is al die ongehoorsaamheid, die afval van God, die haat teen God en die naaste volledig iets van die verlede. God neem dan Sy regmatige plek in in die lewe van die gesaligdes. Vir ons vanuit ons sondige bestaan is so iets nie denkbaar of voorstelbaar nie. Tog sal dit wesenlik wees vir die verlose lewe dat daar niks meer sal inkom wat verderf of droefheid bring nie. Daar sal dan ook geen plek meer wees vir leed nie. Hoe ons ons verder presies die lewe in die hemel moet voorstel, is nie uit die Skrif presies duidelik nie. Ons sou dit tog ook nie kon verstaan nie, al sou dit aan ons gesê word. Maar dit is duidelik dat alles daar sal bestaan in die lofprysing aan God. Dit sal die hemel tot die hemel maak, dat aan God gegee word wat aan Hom toekom, naamlik die lofprysing wat geen einde ken nie.

Daar word soms gesprek oor die moontlikheid van verskillende grade van heerlikheid in die hemel, berustende op die beloning wat God aan elke verlose uit genade sal wil gee. Dit is moontlik dat dit so kan wees maar ons sal moet onthou dat om ook maar die minste plek te ontvang in die Koninkryk, meer sal wees as wat in die hart van 'n mens ooit kon opgekom het, en dat daar geen ruimte sal wees vir afguns of enige ander strewe, as net om aan God al die eer te gee nie.

3 Ook hier bly natuurlik baie vrae wat ons liever nie eers moet probeer beantwoord nie. So is daar bv. die vraag of die hemel 'n bepaalde plek is en waar ons ons dit moet voorstel. Daarop kan ons geen antwoord gee nie. Die hemel is sekerlik 'n plek maar daardie plek is waar God is. Dit kan dus nie “lokaal” voorgestel word in die gewone sin van die woord nie. Die Bybel praat ook daarvan dat ons 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde mag verwag, wanneer hierdie ou hemel en aarde sal verbygaan, en dat die verlostes dan ewig die aarde sal beërwe. Die vraag hoe ons ons dit moet voorstel, moet weereens onbeantwoord gelaat word. Alle nuuskierige vrae moet hier liever teruggewys word. Dit is genoeg om te sê dat God alle dinge nuut sal maak, en dat die gelowiges deel sal hê aan die heerlike nuutheid van alles wat God volmaak herstel het.

4. Ten slotte net 'n woord om daarop te wys dat die ewige lewe nie maar iets is wat eenmaal eers kom nie. Seker, eenmaal sal die ewige lewe volmaak deurbreek in die lewe van die verlostes, maar elkeen wat in Christus is, het reeds hier oorgegaan uit die dood in die lewe en smaak reeds hier iets van die ewige lewe in sy hart. Daarvan is die evangelie van Johannes letterlik vol. In werklikheid is die ewige lewe 'n sekere kwaliteit van lewe, 'n lewe wat egte lewe is en onderskei moet word van die blote *bestaan*, wat ook die deel van die onverlose mens is, maar maklik gepaard kan gaan met geestelike dood. Daarom dan ook dat die Heidelbergse Kategismus daarvoor jubel dat die ewige lewe reeds nou in beginsel in die gelowige aanwesig is en alleen eenmaal in die heerlikheid tot volmaakte ontplooiing sal kom. (Sondag 22).

ENKELE BOEKE WAT KAN HELP

- A. *Die volgende boeke behandel spesifiek die Twaalf Artikels:*
1. K. Barth, *Credo*: Ook verkrygbaar in Engelse vertaling, sagteband. Uitstekend, al is daar natuurlik van Barth se persoonlike sienings wat nie altyd gevolg kan word nie.
 2. C. Bezemer, *Dit geloof ik*, Kok Kampen, 1957. Baie populêr.
 3. Jac. J.S. Botha, *Ek glo*, - N.G. Kerk-uitgewers, Baie lig en populêr.
 4. O. C. Quick, *The Doctrines of the Creeds*, Nisbet, London. In goedkoop uitgawe beskikbaar. Pas maar hier en daar bietjie op. Goed bruikbaar vanuit historiese gesigspunt oor wat presies bedoel word.
 5. G. C. van Niftrik *De Belijdenis Aller Eeuwen*, Wever, 1949. Uit druk. Kan antikwaries verkry word. Kan u veel help.
 6. P.A. Verhoef, *Ons Christelike Geloofsbelydenis*, N.G. Kerkuitgewers, 1961. Baie lig en populêr.
- B. In 'n nuwe boekie van Karl Barth word die uitleg van Calvyn in sy kategismus oor die Twaalf Artikels bespreek. Dit heet *Das Glaubensbekenntnis der Kirche*, EVZ-Verlag, Zürich, 1967. Dit kan u ook heelwat help.
- C. Die volgende werke kan u geweldig veel help om 'n algemene indruk te kry van die stof wat behandel word
1. G. C. Berkouwer, *Het werk van Christus*, (Reeks: Dogmatische Studiën).
 2. G. C. Berkouwer, *De Wederkomst van Christus I* (Dieselfde -reeks).
 3. G. C. van Niftrik, *Kleine Dogmatiek*, Callenbach, Nijkerk.
 4. K. Runia, *I believe in God, current Questions and the Creeds*, Tyndale Press, 1963.
 5. J. J. Müller, *Grondbegrippe van die Christelike Geloof*, N.G. Kerkuitgewers, 1967.
 6. K. Dijk, *Korte Dogmatiek*, Kampen, Boeketreeks.
 7. T. C. Hammond, *In Understanding be Men*, IVF, 1965
 8. H. A. van Andel, *Geloof en Wetenschap*, Kampen, 1921.
- D. Die onderwyser kan ook veel waarde vind in die verskillende artikels in die *Christelike Encyclopaedie* en *The New Bible Dictionary* (IVF).